The Comfort of Strangers, B1.


# Vrye Weekblad

7 Desember 1990 Prys: R1,50 (R1,33 + 17c AVB)




## Was Adam en Eva dalk swart?

(Illustrasie: Tinus Horn)

**Vrede breek uit in Angola**

**Plaaswerkers se bitter lot**

**Marx en Jesus moet praat**

**Sanksies: 1 Februarie sal bepaal**

**Nou dagvaar BSB-manne die regering**



# Menseregte vir almal

# 'Unita se doelwit nie meer oorlog nie'



Jonas Savimbi en sy onderhandelingspan dié week in Jamba (Foto: Bryan Pearson, AFP)

JAMBA, Angola - Die vyftien jaar oue burgeroorlog in Angola, wat sowat 600 000 lewens geëis het en die land se ekonomie vernietig het, het effektiewelik geëindig, het die rebelleleier Jonas Savimbi Woensdag gesê.

"Ons meen opreg, dat die oorlog vir ons verby is," het hy aan 'n nuuskonferensie by die hoofkwartier van Unita in die suidooste van Angola gesê.

'n De facto skietstilstand sal onmiddellik van krag word indien, soos verwag word, die pro-Marxistiese MPLA-regering, sy steun uitspreek vir 'n veelparty-demokrasie by dié MPLA-kongres wat tans in Luanda aan die gang is.

Maar Savimbi waarsku dat Unita en ander politieke groepe deur die MPLA erken sal moet word. Die MPLA het 'n eenparty-stelsel ingestel toe Angola in 1975 onafhanklik geword het.

Met die opening van die kongres Dinsdag het pres Jose Eduardo dos Santos gesê die MPLA "sal sy hervormings navolg tot ons 'n veelpartystelsel en 'n markgerigte ekonomie behaal het".

Hy het bygevoeg dat "'n mate van vooruitgang" gemaak is in die jongste ronde vredesamesprekinge met Unita in Portugal - 'n beskouing wat deur Savimbi op Woensdag se nuuskonferensie bevestig is.

"Ons het goeie vooruitgang gemaak... voorheen het ons deur 'n tussenganger gepraat, nou praat ons met die regering," het Savimbi gesê.

Hy het gesê dat die tegniese aspekte van 'n skietstilstand reeds op 18 November in Portugal bespreek is. "MPLA-magte sal tot hul basisse beperk word, terwyl ons, omdat ons 'n guerrillamag is, tot gebiede beperk sal word," het hy gesê.

Maar verskille bestaan nog oor die kwessie van internasionale monitering. Unita staan die Namibiaanse model voor waar die VVO toesig hou oor 'n skietstilstand en die proses wat uitloop op 'n vrye, regverdige en verifieerbare verkiesing. Die MPLA het egter dié opsie verwerp. Anders as Namibia, wat tot 21 Maart deur Suid-Afrika beheer is, is Angola 'n soewereine staat, sê die MPLA.

Volgens Savimbi is nog 'n geskilpunt 'n verkiesingsdatum, met Unita wat 'n verkiesing binne 'n jaar na 'n skietstilstand wil hê en die MPLA wat drie jaar grasie wil hê.

Hy het gevra vir meer buigsaamheid van die Angolese regering, omdat Unita ses toegewings teenoor die regering gemaak het. Dit sluit in Unita se deurslaggewende instemming tot die geleidelike integrasie van sy magte in 'n nasionale weermag van die begin van die skietstilstand af.

Hy het lede van die MPLA se sentrale komitee daarvan beskuldig dat hulle die vredesproses probeer vertraag, en bygevoeg dat hy meen die inisiatief vir die skietstilstand hoofsaaklik van Dos Santos self afkomstig is.

Unita se hoofonderhandelaar, Jorge Aliceres Valentin, het op die nuuskonferensie gesê dat 'n "vriendelike, oop atmosfeer" geheers het tydens die laaste ronde samesprekinge. "Ons het as broers gepraat, hoewel ons verskillende gesigspunte het."

Savimbi het beskuldiginge deur Dos Santos - dat Unita voortgaan met aanvalle op regeringsmagte en belangrike installasies in weerwil van sy onderneming om militêre operasies af te skaal - weerlê.

"Die MPLA probeer ons uit die saal lig uit ons posisies in die noorde. Ons instruksies aan ons troepe is om hulself te verdedig indien hulle aangeval word, maar nie self tot die aanval oor te gaan nie," het Savimbi gesê.

Die rede waarom sy magte laas Donderdag 'n belangrike olieraffinadery net buite Luanda vernietig het, was om brandstof- en olievoorrade aan die MPLA se Fapla-magte af te sny en so hul jongste offensief teen Unita te halt, het hy gesê.

Maar hy was optimisties dat 'n formele skietstilstand in 1991 onderteken sal word en dat 'n veelparty-demokrasie in Angola ingestel sal word.

"Noudat 'n skietstilstand naby is, is oorlog nie meer ons hoofdoelwit nie - dit is nou vrede," het hy gesê.

- BRYAN PEARSON, AFP




*Is jy ook moeg vir die politiek?*

*Ons is. 'n Bietjie moeg vir baklei en bekommer. Dit doen ons weer volgende jaar. (Is daar nie 'n ryk nyweraar êrens wat 'n paar lorrievragte Valium wil aanskaf en oor die Kersseisoen in die nasie se wateropgaardamme wil stort nie?)*

*Daarom is volgende week se Vrye Weekblad 'n effe anders as gewoonlik. Steeds vol inligting en agtergrond, ja. En skerp. Net 'n bietjie meer plesierig.*

*Dis ons laaste uitgawe vir die jaar, en dis 'n bonus-uitgawe. Ons kyk terug - soms ernstig, soms tong-in-die-kies - oor 'n baie spesiale jaar waarin die aangesig van Suid-Afrika ingrypend verander het.*

*Ons maak ons eie toekennings vir mense en instansies wat nuus gemaak het in 1991. (En soos gewoonlik het ons g'n respek vir g'n niemand nie.)*

*Ons kwartaallikse kultuurtydskrif, Vrye Weekblad Boeke/Books, kom gratis saam met dié uitgawe. (Net oningeligte mense loop dit mis.)*

*Kortom: 'n stewige, ietwat-ongewone uitgawe wat jou weke lank gaan prikkel terwyl jy vakansie hou.*

*Dit gaan net jou eie skuld wees as jy heeldag verveeld met jou tone in die sand gaan sit dié vakansie.*

Vrye Weekblad

# Nou is alles in die regter se hande

**Die finale argumente in die lastersaak tussen Vrye Weekblad en die hoof van wetenskaplike en tegniese dienste van die SA Polisie, luit-genl Lothar Neethling, is vandeesweek in die Randse Hooggeregshof voor regter Johan Kriegler gevoer. JACQUES PAUW som die saak op**

DIE grootste lasterstryd in Suid-Afrika het vandeesweek tot 'n einde gekom met regter Johan Kriegler wat 'n keuse moet maak tussen die getuienis van 'n gewese polisiekaptein wat aan die een kant as 'n psigopaat bestempel is, en 'n generaal wat aan die ander kant as 'n intelligente leuenaar uitgewys is.

Dié bittere stryd, wat deur regter Kriegler bestempel is as die "mees spesiale saak" waarin hy nog voorgesit het, is Maandagmiddag na 21 hofdae, veertien getuies en derduisende rand se regskoste deur die regter verdaag sonder dat hy 'n aanduiding gegee het wanneer hy sy uitspraak sal lewer.

Hof 6B het die afgelope maand 'n bymekaarkomplek geword van polisiemanne met grys skoene, regsgeleerdes, diplomate, studente en nuuskierige lede van die publiek wat wou kom kyk hoe lyk die befaamde generaal met die twee doktorsgrade wat na bewering gif verskaf het om ANC-lede mee te vermoor.

Lothar Paul Neethling het die afgelope drie weke 'n bekende gesig in die voorste bank van die openbare galery geword waar hy kort agter sy regspan kruisbeen na die getuienis oor sy beweerde gifeskapades geluister het.

Al wat hy die afgelope jaar gedoen het, was om dié hofsaak wat veronderstel is om sy naam in ere te herstel, te eet, slaap en droom, het hy aan die regter vertel. Dirk Coetzee se onthullings het hom bang gemaak om in die buiteland te reis en dit soms moeilik gemaak om kollegas in die oë te kyk.

Die openbare galery is vir die hele duur van die saak verdeel in die regterkantste deel waar die Neethling-ondersteuners gesit het, en die linkerkantste deel waar Vrye Weekblad se ondersteuners vergader het. Hulle het mekaar soms aangegluur, meestal geïgnoreer maar nooit 'n woord gewissel nie.

Neethling se drie getrouste ondersteuners, wat die hele hofsaak bygewoon het, het kort agter hom gesit. Hulle het elke dag in dieselfde volgorde in die bank ingeskuif: eers die gewese kommissaris van polisie, genl Mike Geldenhuys, dan 'n omie met 'n ligte pak wat gereeld geslaap het, en 'n man met 'n kleurbaadjie van die Universiteit van Pretoria wat stip voor hom uitgekyk het.

Die getuienis voor regter Kriegler het dikwels vir teater van die boonste rak gesorg: verhale van gifringe en televisiebomme, lyke wat brand langs 'n grensrivier, 'n langverlore sakboekie wat glo gestoom en gestryk word om bewysmerke te vernietig, en 'n geheimsinnige Rus met die naam "Big Jack" wat 'n pakkie gif ontvang.

Ander tye weer was daar lang en ingewikkelde argumente oor bewyslas versus weerleggingslas, openbare plig teenoor regverdiging en kwantum en vergoeding. Lang appèlhofuitsprake van "agbare regters" en ingewikkelde regsmenings van "geleerde skrywers" is aan regter Kriegler voorgelees.

Aan die hoof van die twee regspanne was onderskeidelik senior advokate Bobby Levin, namens Vrye Weekblad, en Willie Oshry, QC, namens Neethling. Oshry, wat op 84 jaar byna dubbel so oud soos Levin is, is 'n sogenaamde "Queens Council", wat beteken dat hy sy senior advokaatstatus verwerf het toe Suid-Afrika nog deel van die Britse Statebond was.

Beide advokate is soms deur die regter geroskam oor argumente waarmee hy nie saamgestem het of wat volgens hom nie behoorlik ontwikkel is nie. Regter Kriegler, wat homself as 'n blote skeidsregter in dié geding bestempel, het vir van die vroliker oomblikke in die saak gesorg.

So byvoorbeeld het hy Oshry met 'n analogie oor 'n vrou met 'n moesie op haar boud en 'n geboortemerk aan haar bolyf gekonfronteer, en aan Geldenhuys tydens sy getuienis gesê: "Ag generaal, ons weet mos aanrandings in die polisie is so geil soos kakiebos in die najaar op die land."

Die regter het aan die einde van die hofsaak gesê dat dit 'n baie moeilike saak is en dat hy tyd nodig het om sy uitspraak voor te berei.

Ondanks al die getuies wat voor hom verskyn het, moet Kriegler basies besluit: wie lieg en wie praat die waarheid? Coetzee of Neethling?

Coetzee se bewerings oor moordbendes in die Suid-Afrikaanse Polisie is oorbekend en het die afgelope jaar dwarsoor die wêreld weerklank gevind. Vrye Weekblad het sy bewerings gepubliseer en Neethling genoem as sy gifverskaffer.

Hy het nog nie gehoor van 'n meer spesiale saak as die een wat voor hom is nie, het regter Kriegler gesê. Oshry het gesê dat daar nie 'n emstiger belastering kan wees as om te sê iemand in Neethling se posisie was 'n medepligtige by verskeie moorde nie.

Kriegler het vandeesweek aan Levin gevra hoe hy die probleem moet hanteer dat hy nie Coetzee gesien het tydens sy getuienis wat in Oktober vanjaar voor 'n kommissaris in Londen afgelê is nie. Levin het hom daarop gewys dat appèlregters getuienis moet beoordeel sonder dat hulle die getuienis gesien het.

Levin het Kriegler daarop gewys dat drie aspekte van Coetzee se getuienis oor Neethling verdoemend is teen hom. Die eerste is sy beskrywing van sy huis, wat in vele opsigte reg is, sy beskrywing van Neethling se kantoor, wat so goed is soos Coetzee se vingerafdruk wat daar gevind is, en die berugte sakboek waarin Neethling se naam en telefoonnommers voorkom.

Die sakboek kan maklik die verdoemendste bewysstuk wees in die eis van Neethling, het Levin aangevoer. Hy het Oshry se betoog dat die sakboek "behandel" is, verwerp en gesê:

"Dit dagteken van 1979 of 1980. Dit is tien jaar oud. Dit is 'n sakboek wat 'n man op mooiweersdae en reënerige dae in sy hempsak gedra het. Daar het vog op die ink gekom, veral op die rooi ink. Nou nooi my geleerde vriend u uit om te bevind dat dit met vog en hitte behandel is, dat indentasies (merke op die teenblaaie) nie daarop gevind kan word nie."

Kriegler: "Daar is indentasies op."

Levin: "Daar het u dit. Daar gaan die teorie dat dit deel is van 'n sameswering teen generaal Neethling."

Kriegler: "Wat van die teorie dat die hele dokument vals is?"

Levin: "Kan dit wees? Dié teorie is só verbeeldingryk dat 'n mens net daaroor kan gis."

Levin het Kriegler daarop gewys dat Dirk Coetzee jr die boekie tussen sy pa se ander besittings gevind het nadat hy reeds landuit is. Die boekie is aan Vrye Weekblad se regspan gestuur kort voor Coetzee in Londen getuig het. Coetzee het self nie besef dat Neethling se telefoonnommers daarin is nie.

Kriegler: "Lê die waarde van die sakboekie nie daarin dat dit nie geheel en al 'n verdoemende dokument is nie? Waarom is die adresse van Griffiths Mxenge en ander nie ook daarin nie?"

Levin: "Dis reg. As dit gefabriseer is, waarom word daarin nie ook teen ander mense saamgesweer nie?"

Kriegler: "Die mentor van Machiavelli sou nodig gewees het om die hele sakboek te fabriseer."

Levin het Neethling se getuienis voor regter Kriegler só opgesom: "Ons sê dit is die onware getuienis van 'n hoogs intelligente man."

Daar is belangrike verskille tussen die getuienis wat Neethling voor die Harmskommissie afgelê het en wat hy nou voor die hof getuig, het Levin aangevoer. Hy het gesê Neethling het by twee geleenthede onder eed vals getuienis gelewer.

Neethling het aanvanklik voor die Harmskommissie getuig dat hy Coetzee ontmoet het toe hy by die Narkotiese Buro gewerk het. Coetzee het in sy getuienis dié bewering ontken en gesê enige amptelike besoek aan die laboratorium sou aangeteken gewees het.

Levin sê Neethling het geweet sulke aantekenings van 'n besoek bestaan nie, en met sy getuienis voor Kriegler het hy ontken dat hy Coetzee ooit ontmoet het. "Genl Neethling het besef sy stelling oor Sanab kan nie gestaaf word nie en dat hy oorreageer het, en nou sê hy hy kan nie kapt Coetzee onthou nie. Die klaer jok."

Neethling se getuienis strook ook nie met dié van brig Willem Schoon nie. Schoon, wat volgens Coetzee gereel het dat hy die gif by Neethling kry, het voor die Harms-kommissie getuig dat hy die generaal reeds in 1973 ontmoet het. Neethling het getuig dat hy hom eers in 1987 ontmoet het.

Oshry het gesê die forensiese laboratorium is nie "'n fabriek om gif te vervaardig nie, maar is wel daar om toetse uit te voer". Dit is onwaarskynlik dat Neethling sy hele loopbaan en lewe in die hande van 'n junior offisier sal plaas deur gif aan hom te oorhandig.

Hy het die regter daarop gewys dat Coetzee dikwels in die verlede onder eed gelieg het. "Die probleem wat u het, is waar die leuens ophou en waar die waarheid begin."

Levin is bygestaan deur adv Frans Rautenbach, in opdrag van die firma Bell, Dewar en Hall, terwyl Oshry bygestaan word deur adv Mannie Witz.

# Afrika-Juriste ook by hofsaak



**Dr Benoit Ngom... bekommerd oor die regering se houding jeens moordbendes (Foto: Pearlie Joubert)**

DIE President van die Vereniging van Afrika-Juriste, dr Benoit Ngom van Senegal, het vandeesweek as deel van 'n tiendaagse feitesending aan Suid-Afrika die lastersaak tussen Vrye Weekblad en luit-genl Lothar Neethling bygewoon.

Ngom en sy afvaardiging het onder meer besoek afgelê by die visepresident van die ANC, Nelson Mandela, dié organisasie se direkteur van internasionale aangeleenthede, Thabo Mbeki, die adjunk-minister van Buitelandse Sake, Leon Wessels, verteenwoordigers van die ANC en die PAC en 'n breë spektrum van regs- en gemeenskapsleiers.

Ngom sal na sy feitesending terugrapporteer aan die Organisasie vir Eenheid in Afrika (OEA) oor die huidige politieke verwikkelinge in Suid-Afrika met die oog daarop om na die verwydering van apartheid bande met die plaaslike regsprofessie aan te knoop.

Die afvaardiging is ook ingelig oor die bevindings van die Harmskommissie. Ngom het gesê dat daar steeds geglo word dat sleutelelemente in die veiligheidsgemeenskap die onderhandelingsproses wil ondermyn en dat moordbendes steeds teen anti-apartheidsaktiviste optree.

Ngom sê hy is bekommerd oor die houding van die regering teenoor moordbendes. Sy lakse optrede ondermyn die meerderheid van Suid-Afrikaners se geloof in die regsproses.

Die afvaardiging sê hy is verheug en met hoop vervul oor die politieke onderhandelings tussen die regering en die ANC wat uiteindelik kan lei tot die totstandkoming van 'n nie-rassige en demokratiese Suid-Afrika waar menseregte gerespekteer en beskerm word.

Tog is die belangrikste hoekstene van apartheid steeds in plek en daarom glo hy dat die OEA moet voortgaan met sy stryd teen apartheid. Hy bemerk ook 'n toename in informele onderdrukking, die voortgesette aanhouding van politieke gevangenes en die stygende getal aanvalle deur regsgesindes op swartmense.

Die Vereniging het ook bekend gemaak dat hy geleenthede vir meestal swart regstudente gaan skep om regte in ander Afrika-lande te bestudeer.

# Wêreld

## Voorstelle aanvaar

Nuwe grondwetlike voorstelle deur die Russiese president, Michail Gorbatsjof word oorweldigend deur die Sowjet-parlement aanvaar. Ingevolge dié voorstelle sal hy algehele beheer oor die regering kry en sal die pos van vise-president geskep word. 'n Kabinet sal ook aangestel word waarin onder andere die hoofde van al die republieke in die Sowjet-Unie sal dien. Die Raad van die Federasie, tans bloot 'n adviesliggaam, sal nuwe magte kry om etniese geskille te kan besleg.

## Grondbesit

'n Buitengewone kongres van die Russiese federasie, een van die Sowjet-Republieke stem vir die herstel van private grondbesit vir die eerste keer sedert die revolusie in 1917.

## Vliegongeluk?

Tensy die internasionale saal op die Harare-lughawe opgegradeer word, is 'n groot vliegtuigongeluk net 'n kwessie van tyd, sê Dennis Norman, Zimbabwe se minister van vervoer en nasionale voorrade.

## Nigeriese onmin

Vier dae voor die Nigeriese verkiesing bring dié land se militêre staatshoof, Ibrahim Babangida, afgevaardigdes van die twee leidende politieke partye bymekaar om die woordeoorlog tussen hulle te probeer beëindig. Die een beskuldig die ander daarvan dat hy die verkiesingsuitslag wil bekonkel.

## Eenpartystaat

Kenia sal 'n eenpartystaat bly, sê pres Daniel Arap Moi by die partykongres van sy Kenia Afrika Nasionale Unie in Nairobi. Hy beloof egter dat hervormings aangebring sal word.

## Botsings in Libanon

Palestynse guerrillas bots deur die week met Israeliese troepe in Libanon. Minstens vyf Israeli's en een Palestyn sterf en 'n aantal Israeliese pantservoertuie word vernietig.

## Irakese waarskuwing

"Godsdienstige vegters" sal anti-Amerikaanse aanvalle dwarsdeur die wêreld loods indien oorlog in die Persiese Golf sou uitbreek, waarsku die Irakese staatspers.

## Hoë ontmoeting

Pres George Bush kondig aan dat hy die Irakese minister van buitelandse sake volgende week in Washington gaan ontmoet, en dat sy Amerikaanse eweknie, James Baker, pres Saddam Hoesein hierna in Bagdad sal ontmoet.

## 'Globale vrede'

Pres Saddam Hoesein van Irak voer samesprekinge met Jasser Arafat van die PBO, koning Hoesein van Jordanië en 'n top-regeringslid van Jemen oor samesprekinge tussen Amerika en Irak in die nabye toekoms. Hulle spreek die "behoefte" uit dat alle probleme in die Midde-Ooste, ook die Palestynse krisis, binne 'n Arabiese en internasionale raamwerk opgelos word ten einde "globale en standhoudende vrede in die gebied" te verkry.

## Vry na Moskou

Irak onderneem om meer as 3 000 Russiese tegnici vry te laat in 'n poging om goeie verhoudinge met Moskou te behou.

## Kiwi's wil veg

Nieu-Seeland gaan ook soldate na die Persiese Golf stuur, kondig Wellington aan. Dit word beskou as 'n verskuiwing in die land se anti-kernbeleid wat verhoudinge met Amerika in die verlede versuur het.

## Wapenverbod omseil?

Die Britse regering ontken berigte dat 'n senior amptenaar van die departement van verdediging Britse uitvoerders gehelp het om die wapenverbod teen Irak te omseil deur hul raad te gee oor hoe om spesiale vorms in te vul.



Marlette in New York Newsday

## 'Verwoes Israel'

Moslems die wêreld deur behoort hulle te wy aan die vernietiging van Israel, sê Iran se geestelike leier, Ajatolla Khamenei.

## Pakistan buig nie

Pakistan sal geen beperkinge op sy kernprogram in ruil vir buitelandse hulp aanvaar nie, sê premier Nawaz Shariff Said.

## Renamo sorg

Mosambiekers onder beheer van die rebellegebiede Renamo leef teen 'n hoër "voedingstandaard" as in die oorbevolkte regeringsbeheerde dorpe, sê 'n verteenwoordiger van die Internasionale Rooi Kruis.

## Kos aan Russe

Die ministers van buitelandse sake van die Europese Gemeenskap stel voor dat tot 2 biljoen dollar in die vorm van voedsel voor die einde van die winter aan die Sowjet-Unie gestuur word.

## Dwelmsmouse swaai

Altesame 27 mense wat skuldig bevind is aan dwelmhandel, is dié week in die Iraanse stad Bakhtaran opgehang.

## Nasionaliste wen

Die nasionalistiese partye in Bosnia-Herzegovina wen 201 van die 238 setels in die eerste vrye verkiesing nog in die Joego-Slaafse republiek.

## 'Bloody nigger'

'n Lid van die Konserwatiewe Party in Brittanje noem 'n kandidaat met 'n goeie kans om die eerste swart Tory-parlementslid te word, 'n "bloody nigger". Die lid sê die kandidaat moet wegbly uit sy tuisdorp want daar is duisende "Paki's" maar nie baie "niggers" daar nie, en ook nie baie kokosneute nie.

## Angolese ekonomie

Die ekonomiese werklikhede van Angola het gewys dat sosialisme nie in die praktyk kan werk nie, sê pres Eduardo dos Santos. Die MPLA sal hom voortaan wy aan die instelling van 'n veelpartystelsel en 'n gemengde ekonomie.

## Verbeter bande

Die Sowjet-Unie gaan by Amerika daarop aandring dat Washington sy bande met Kuba verbeter. Twee amptenare voeg by dat pres Gorbatsjof onlangs sy voortgesette steun, ondanks die besnoeiing van Russiese bystand, aan pres Fidel Castro van Kuba oorgedra het.

## Politieke twis

Duitse middel-regse partye stry dae lank oor die samestelling van die Duitse kabinet nadat die voormalige Wes-Duitse kanselier, Helmut Kohl se koalisie 'n wegholoorwinning dié naweek in die verkiesing vir die Bundestag behaal het. Die Vrye Demokratiese Party dreig om sy 79 lede te onttrek as Kohl nie onderneem om belastingverligting in die voormalige Oos-Duitsland te bring nie.

## Waardigheid verloor

Die leier van 'n groep militêre opstandelinge in Argentinië sê op 'n nuuskonferensie die opstand is geloods om die land se "waardigheid" te herstel. Hy praat oor die "sending van die gewapende magte" maar verloor sy humeur en beëindig die nuuskonferensie wanneer 'n joernalis skree: "En wie het jou gekies om dit te doen?"

# Suid-Afrika

## PAC en wittes

'n Oos-Kaapse koerant onthul die bestaan van 'n omsendbrief van die Transkeise veiligheidspolisie aan takkantore oor "onbevestigde" inligting dat die PAC beoog om wit vakansiegangers in die tuisland aan te val. Die Transkeise polisie maak hierna bekend dat hul ondersoek na die beweringe niks opgelewer het nie.

## Transvaalse wet

Drie Transvaalse townships word deur die Randse Hooggeregshof beveel om meer as R4,5 miljoen se agterstallige elektrisiteitsgeld aan Eskom te betaal.

## SA moet waarneem

'n Tweedaagse beraad van nywerhede in Zimbabwe vra dat regerings in die Suider-Afrikaanse streek waarnemerstatus aan Suid-Afrika gee by "streeksvergaderings".

## Tien sekondes

'n Bevel om traanrook te vuur, is na 'n "redelike" tyd gegee, getuig 'n soldaat in die geregtelike ondersoek na die dood van 42 mense in Sebokeng in September vanjaar. Dit was na tien sekondes, sê hy. Ander lede van 18 Bataljon getuig dat hulle geen bevele gehoor het om te vuur nie, maar wel 'n staakvuur-bevel. Een het getuig dat 'n petrolbom een van sy makkers teen die bors getref het. 'n Derde getuig dat 'n geverfde handgranaat en twee pistoolmagasyne in 'n voertuig, waarin lede van Inkatha na 'n polisiekantoor vervoer is, gevind is.

## Fotograaf getuig

'n Fotograaf van die Sowetan, Len Kumalo, getuig voor die geregtelike ondersoek na die dood van 42 mense dat Themba Kohoza, leier van die Inkatha Jeugbrigade, gedreig het om hom "uit te wis" nadat SAW-troepe op die skare gevuur het.

## Ver-regses in hof

Nege ver-regses verskyn in die hof op aanklagte dat hulle 'n groep swart Sondagskoolkinders met sambokke bygedam het. Hulle word deur hul ondersteuners toegejuig tydens die hofverrigtinge, wat ook deur Eugene Terre-Blanche, leier van die AWB, bygewoon is. "Prys die Heer" word gesing. Die nege word op borgtog van R1 000 elk vrygelaat.

## Aanvallers gered

Twee mans, wat geïdentifiseer is as deelnemers aan die sambokaanval op kinders in Louis Trichardt, word deur die polisie van Venda in Thohoyandou gered nadat 'n woedende skare van 200 om hulle begin saamdrom het. Die skare dreig met 'n "sit-in" by die winkel waar een van die twee werk.

## ANC sê ja

Die ANC spreek sy steun uit vir die betrokkenheid van die Suid-Afrikaanse sake- en nywerheidsektor by die hervestiging van slagoffers van die kernramp by Tsjernobil.

## Werkers in hegtenis

Die polisie neem 101 werkers in hegtenis wat teen 15 Clicks-winkels in Johannesburg en omgewing staak. Etlike ander werknemers word 'n paar maal bevry wanneer hulle teen hul wil deur die stakers aangehou word.

## Onderwysers betoog

Nadat 'n afvaardiging van 'n groep betogers ingenooi word om te onderhandel in die gebou van die departement vir bruin onderwys in Kaapstad, word 88 van hul makkers deur die polisie in hegtenis geneem. Die groep betoog teen die praktyk om onderwysers wat "moeilikheid maak" net as tydelike personeellede in diens te neem.

## Toe munisipaliteit

Kraaifontein naby Kaapstad se wit inwoners stem teen die oopstelling van die munisipaliteit vir alle rasse. Die 3 540 bruin kiesers wat ook binne die grense van die munisipaliteit woon, het nie gestem nie. Die stempersentasie was 11,5 persent.

*(Alle inligting uit SAPA en AFP)*




Orin Scott in Beeld

# Politiek soos skape in die Transkei

**Daar gaan nie 'n krisis in Transkei verby sonder 'n uitgerekte woorde-oorlog tussen die regering van genl-maj Bantu Holomisa en die Suid-Afrikaanse regering nie. Selfs wanneer die strydbyl tussen hulle begrawe word, soos vandeesweek toe Staatspresident FW de Klerk en 'n Transkeise afvaardiging vergader het, val daar woorde - dié keer teen die "verdraalings" van die pers wat die indruk sou geskep het dat Holomisa spring wanneer Pik sing. JAN WOUTERS skryf oor dié moeilike tuisland**



Genl-maj Bantu Holomisa hou een van die wapens op wat in die mislukte staatsgreeppoging gebruik is.

DIE politiek in die Transkei was nog altyd soos skape wat oor dié landstreek se onomheinde paaie loop. Hulle kyk nie waar hulle loop nie, loop op hul eie pas en steur hulle nie aan die toeters en skelwoorde van aankomende motoriste nie.

Kortom, hulle volg hulle eie koppe.

Dit was Transkei wat eerste besluit het om die houvas wat die weerstand teen apartheid op hom gehad het te verbreek, en in 1976 het dié land onafhanklikheid onder leierskap van hoofleier Kaiser Matanzima aanvaar.

'n Paar biljoen rand in ontwikkelingshulp later, staan die Transkei op die drumpel om dié stap te herroep en die pad na die Suid-Afrikaanse kraal - ongeag die stemme van protes - oor te steek.

In die tussentyd, voor die referendum oor herinkorporering by Suid-Afrika volgende jaar, is genl-maj Bantu Holomisa heel gelukkig om die Transkeise staatshoof te wees, waar hy met die een hand kan vat, en taaiklappe met die ander uitdeel.

En Pretoria, Pik Botha in besonder, is gewoonlik aan die ontvangskant.

Dit hoe die afgelope twee jaar gaan: Transkei doen min of meer soos hy lus het, en Pretoria waai vergeefs sy stert om van 'n irriterende politieke brommer ontslae te raak.

Maar sal Suid-Afrika uiteindelik dié brommer doodslaan?

Die dolle en gedoemde staatsgreeppoging twee weke gelede deur kol Craig Duli se kommando het dié vraag weer laat ontstaan.

Duli se klein groepie aanhangers was met 'n eienaardige versameling wapens van Suid-Afrikaanse en Russiese oorsprong bewapen.

Dié samesweerders is vroeër by 'n hotel in Oos-Londen opgemerk. Hulle het Umtata in die veiligheid van die donker uit die weste benader.

Het hulle oor Suid-Afrikaanse grondgebied gekom?

Indien dit die geval was, wie het saam met hulle gekonkel?

Holomisa twyfel nie daaroor nie. Daar is nie-ontkende verbintenisse tussen die aanvallers en Vuli Mbotoli, 'n vorige kabinetsminister met politieke en sakegriewe teen die militêre regering.

In die sakewêreld word hy met die omstrede boumaatskappy Jalc verbind - 'n maatskappy wat 'n fortuin deur die Transkei geskuld word vir 'n paar swak geboude behuisingsprojekte - gedoen in die dae toe die gediskrediteerde Matanzima-clan nog koning gekraai het.

Dit is in dié verweefde sakeverbintenisse tussen Mbotoli en Jalc, en die politieke verbintenisse van beide met die gediskrediteerde dog steeds ambisieuse Matanzimas wat Holomisa 'n sinistere konneksie met Pretoria sien.

Om dit te verstaan moet 'n mens onthou dat Craig Duli die Transkeise hoof van militêre inligting was. Hy is deur sy Suid-Afrikaanse eweknieë opgelei en het noue bande met hulle behou.

Terselfdertyd was brig Marthinus Deyzel (in 'n stadium die tweede-in-bevel van Militêre Intelligensie in Pretoria) een van die geheimsinnige figure in Jalc wat Jalc se sake-raamwerk gebruik het.

Dit mag maar skraal lyk, maar Holomisa - wat beweer dat hy ses sluipmoord-komplotte wat uit Pretoria beplan is, oopgevlek of oorleef het - sien in dié driehoek van gegriefde sakemanne, gegriefde politici en MI-akteurs die agente wat aan Duli wapens verskaf het en hom in sy dwase veldtog aangemoedig het.

Ongelukkig vir die generaal, lek dié teorie soos 'n sif.

Duli se politieke ambisie is welbekend in Pretoria, en is ook so aan Holomisa oorgedra.

Verder was die arsenaal en manskappe tot Duli se beskikking hopeloos onvoldoende om 'n staatsgreep mee uit te voer.

Kortom: die staatsgreeppoging is gekenmerk deur politieke domheid, nie intelligensie nie; deur wanhoop, nie berekening nie.

Dit is ook nie duidelik vanwaar die aanvallers vertrek het nie. Holomisa meen Queenstown, maar dit is net so waarskynlik soos Wes-Transkei, aangesien hulle daar ook geen lastige grensposte sou teëkom nie.

Ter ondersteuning van dié teorie is die feit dat Wes-Transkei die vesting van Matanzima is en dus veilige terrein sou wees.

Indien Duli se staatsgreeppoging sy oorsprong daar gehad het, was dit 'n daad van binnelandse politiek.

Die probleem is dat verhoudinge tussen Umtata en Pretoria al so lank troebel is dat beide kante enige geleentheid sal aangryp om die ander in 'n slegte lig te stel.

Dit het baie met geld te doen - Transkei het eensydig die salarisse van sy hordes ledige staatsamptenare verhoog en die rekening na 'n verontwaardigde Pretoria gestuur - en dít het baie te doen met politiek.

Dit is 'n cliché om te sê dat pres FW De Klerk se 2 Februarie-toespraak 'n nuwe dimensie tot die politiek gevoeg het.

Die probleem is dat Umtata nie tevrede was om Pretoria te los om die agenda en die pas van verandering te bepaal nie.

Holomisa het nie getalm om politieke gevangenes vry te laat nie - hy het die hele lot vrygelaat - saboteurs én moordenaars. Hy het nie net die politiek bevry nie, hy het die ANC omhels.

Nie alleen het MK-stafhoof Chris Hani 'n veilige hawe in Transkei gevind nie, die ANC is ook in die eienaardige posisie dat hulle 'n tuislandregering aan die gang hou - 'n militêre een nogal.

Baie mans in siviele drag en met AK47's was op straat dié dag toe Duli gesterf het, en boodskappe ter ondersteuning van die beide ANC en die PAC was van toe af heel eksplisiet.

Dit is duidelik dat die Suid-Afrikaanse regering ongemaklik met Holomisa is - daarvan getuig die talle oproepe vir 'n terugkeer na 'n burgerlike regering.

Die reëls het verander sedert die gemaklike dae van die Matanzimas en die Suid-Afrikaanse regering, en die hoof herskrywer van die geskiedenis weet dit baie goed.

Dit is dalk 'n maatstaf van die wanhoop met Holomisa dat, in die geboorteplek van 'n Hani en 'n Mandela, dié land gereed is om met die ANC as burgerlike opsie te flankeer as met die duiwel wat hulle reeds ken.

# Jeeps doen nou diens op 'n ander slagveld

PARYS - Die Jeep, wat bekend geword het gedurende die Tweede Wêreldoorlog, geniet nou weer aandag in 'n nuwe soort oorlog... 'n Oorlog wat in die chaotiese strate van Parys woed.

Die Jeep se vermoë om stampe te verduur en teen randstene op te klim maak van hom 'n gunsteling - veral in verkeersknope en in die stryd om parkering.

Al hoe meer Jeeps en ander vierwiel-aangedrewe voertuie verskyn nou in die strate van Parys.

Die Jeep, hoewel nie 'n immergroen blitsverkoper soos sy tydgenoot, die Citroen 2CV nie, het 'n ongelooflike geskiedenis. Die enigste tydgenoot van die Jeep wat nog in produksie is, is die Volkswagen-kewer wat in Brasilië en Nigerië vervaardig word.

Ongeveer 587 649 Jeeps is gedurende die oorlog vervaardig, en na die oorlog is slegs 300 000 van die militêre weergawe geproduseer. Die Amerikaanse weermag het die Jeep in 1981 met 'n ander veldvoertuig vervang.

Die burgerlike weergawe leef steeds voort - met nuwe gemaklike sitplekke en 'n twee-liter dieselenjin om aan te pas by sy toenemende gewildheid onder Europese juppies.

Die Jeep-storie begin in 1940 toe Duitsland sy Europese bure begin binneval het.

Die Amerikaanse weermag het geweet hy gaan by dié konflik betrek word en versoek daarom ontwerpers om 'n veeldoelige voertuig vir álle terreine te ontwerp. Dié voertuig het vinnig bekend geword as "jeep" weens die voorletters "GP".

Die Jeep is ontwerp deur die Bantman-maatskappy, die eerste modelle is deur die vennote Willy Overland van Toledo, Ohio in November 1940 vervaardig.

Die Jeep is teen 'n koers van ongeveer 1 000 per dag vervaardig en het gou die strydos van Tweede Wêreldoorlog geword.

Genl Patton se liefde vir die Jeep is welbekend. Dit het ook as ambulans gedien en is per valskerm uit vliegtuie na die slagvelde laat val.

Die Willy Jeeps het 'n simbool van die bevryding van Frankryk geword, net soos die Kubelwagen 'n simbool van die besetting was.

Ná die oorlog was dit te duur vir die Amerikaanse weermag om al die Jeeps terug te stuur Amerika toe en burgerlikes wat lank sonder motors was, het die Jeeps vinnig opgeraap.

'n Nuwe ontwerp is in 1986 in Amerika met die Wrangler bekend gestel.

Tot en met dié nuwe ontwerp het die Amerikaanse Motor Company meer as 'n miljoen en 'n half van hul legendariese voertuie verkoop. Die beste verkope was in 1978 met 79 296. - AFP

# INTERNATIONAL HUMAN RIGHTS DAY

## MONDAY, 10 DECEMBER

## On 10 December 1948, the General Assembly of the United Nations adopted and proclaimed the

# UNIVERSAL DECLARATION OF HUMAN RIGHTS

**PREAMBLE**

Whereas recognition of the inherent dignity and of the equal and inalienable rights of all members of the human family is the foundation of freedom, justice and peace in the world.
Whereas disregard and contempt for human rights have resulted in barbarous acts which have outraged the conscience of mankind, and the advent of a world in which human beings shall enjoy freedom of speech and belief, and freedom from fear and want has been proclaimed as the highest aspiration of the common people.
Whereas it is essential, if man is not to be compelled to have recourse, as a last resort, to rebellion against tyranny and oppression, that human rights should be protected by the rule of law.
Whereas it is essential to promote the development of friendly relations between nations.
Whereas the peoples of the United Nation have in the Charter reaffirmed their faith in fundamental human rights, in the dignity and worth of the human person and in the equal rights of men and women and have determined to promote social progress and better standards of life in larger freedom.
Whereas member states have pledged themselves to achieve, in co-operation with United Nations the promotion of universal respect for and observance of human rights and fundamental freedoms.
Whereas a common understanding of these rights and freedom is of the greatest importance for the full realization of this pledge.

Now, therefore, **THE GENERAL ASSEMBLY** proclaims:
This
**UNIVERSAL DECLARATION OF HUMAN RIGHTS:**

As a common standard of achievement for all peoples and all nations to the end that every individual and every organ of society keeping this declaration constantly in mind, shall strive by teaching and education to promote respect for these rights and freedoms and by progressive measures, national and international to secure their universal and effective recognition and observance, both amongst the peoples of territories under their judicator.

**Article 1**
All human being are born free and equal in dignity and rights. They are endowed with reason and conscience and should act towards one another in a spirit of brotherhood.

**Aricle 2**
Everyone is entitled to all the rights and freedom set forth in this declaration, without distinction of any kind such as race, colour, sex, language, religion, political or other opinion, national or social origin. Property, birth or other status.
Furthermore, no distinction shall be made on the basis of the political, jurisdictional or international status of the country or territory to which a person belongs, whether it be independent, trust, non-selfgoverning or under any other limitation of sovereignity.

**Article 3**
Everyone has the right to life, liberty and the security of person.

**Article 4**
No one shall be held in slavery or servitude; slavery and the slave trade shall be prohibited in all their forms.

**Article 5**
No one shall be subjected to torture or the cruel, inhuman or degrading treatment or punishment.

**Article 6**
Everyone has the right to recognition everywhere as a person before the law.

**Article 7**
All are equal before the law and are entitled without any discrimination to equal protection of the law. All are entitled to protection against any discrimination in violation of this declaration and against any incitement to such discrimination.

**Article 8**
Everyone has the right to an effect remedy by the competent national tribunals for acts violating the fundemental rights granted him by the constitution or by law.

**Article 9**
No one shall be subjected to arbitrary arrest, detention or exile.

**Article 10**
Everyone is entitled in full equality to a fair and public hearing by an independent and important tribunal, in the determination of his rights and obligations and of any criminal charge against him.

**Article 11**
1. Everyone charged with a penal offence has the right to be presumed innocent until proven guilty according to law in a public trail at which he has had all the guarantees accessary for his defence.
2. No one shall be held guilty of any penal offence on account of any act or omission which did not constitute a penal offence, under national or international law, at the time when it was committed. Nor shall a heavier penalty be imposed than the one that was applicable at the time the penal offence was committed.

**Article 12**
No one shall be subjected to arbitrary interference with his privacy, family, home or correspondence, nor to attack upon his honour and reputation. Everyone has the right to the protection of the law aglanst such interference or attacks.

**Article 13**
1. Everyone has the right to freedom of movement and residence within the borders of each state.
2. Everyone has the right to leave any country, including his own, and to return to his country.

**Article 14**
1. Everyone has the right to seek and to enjoy in other countries asylum from persecution.
2. This right may not be invoked in the case of prosecutions genuinely arising from non-political crimes or from acts contrary to the purpose and principals of the United Nations.

**Article 15**
1. Everyone has the right to a nationality.
2. No one shall be arbitrarily deprived of his nationality or denied the right to change his nationality.

**Article 16**
1. Men and women of full age, without any limitation due to race, nationality or religion, have the right to marry and to find a family. They are entitled to equal rights as to marriage, during marriage and at its dissolution.
2. Marriage shall be entered into only with the free and full consent of the intending spouses.
3. The family is the natural and fundemental ground unit of society and is entitled to protection by society and the State.

**Article 17**
1. Everyone has the right to own property alone as well as in association with others.
2. No one shall be arbitrarily deprived of his property.

**Article 18**
Everyone has the right to freedom of thought, conscience and religion: this right includes freedom to change his religion or belief, and freedom, either alone or in community with others and in public or private, to manifest his religion or belief in teaching, practise, worship and observance.

**Article 19**
Everyone has the right to freedom of opinion and expression; this right includes freedom to hold opinions without interference and to seek, receive and impart information and ideas through any media and regardless of frontiers.

**Article 20**
1. Everyone has the right to freedom of peaceful assembly and association.
2. No one may be compelled to belong to an association.

**Article 21**
1. Everyone has the right to take part in the government of his country, directly or through freely chosen representatives.
2. Everyone has the right of equal access to public service in his country.
3. The will of the people shall be the basis of the authority of government, this will shall be expressed in periodic and genuine elections which shall be by universal and equal suffrage and shall be held by secret vote or equivalent free voting procedures.

**Article 22**
Everyone as a member of society, has the right to social security and is entitled to realization, through national effort and international co-operation and in accordance with the organisation and resources of each state, of the economics, social and cultural rights indispensible for his dignity and the free development of his personality.

**Article 23**
1. Everyone has the right to work, to free choice of employment to just and favourable condition of work and to protection against unemployment.
2. Anyone without any discrimination, has the right to equal pay for equal work.
3. Everyone who works has the right to just and favourable remuneration ensuring for himself and his family an existence worthy of human dignity, and suplemented, if neccessary, by other means of social protection.
4. Everyone has the right to form and to join trade unions for the protection of his intrests.

**Article 24**
Everyone has the right to rest and leisure, including reasonable limitation of working hours and periodic holidays with pay.

**Article 25**
1. Everyone has the right to a standard of living adequate for the health and well being of himself and his family, including food, clothing, housing and medical care and neccessary social services, and the right to security in the event of unemployment, sickness, disability, widowhood, old age or other lack of livelihood in circumstances beyond his control.
2. Motherhood and childhood are entitled to special care and assistance. All children whether born in or out of wedlock, shall enjoy the same social protection.

**Article 26**
1. Everyone has the right to education. Education shall be free, at least in the elementary and fundemental stages. Elementary education shall be compulsory. Technical and professional education shall be made generally available and higher education shall be equally accessible to all on the basis of merit.
2. Education shall be directed to the full development of the human personality and to be strengthening of respect for human rights and fundemental freedoms, it shall promote understanding, tolerance and friendship among all nations racial or religious groups and shall further the activities of the United Nations for the maintenance of peace.
3. Parents have a prior right to choose the kind of education that shall be given to their children.

**Article 27**
1. Everyone has the right to freely participate in the cultural life of the community, to enjoy the arts and to share in scientific advancements and its benefits
2. Everyone has the right to the protection of the moral and material interests resulting from any scientific, literary or artistic production of which he is the author.

**Article 28**
Everyone is entitled to a social and international order in which the rights and freedom set forth in this declaration can be fully realized.

**Article 29**
1. Everyone has duties to the community in which alone the free and full development of his personality is possible.
2. In the exercise of his right and freedoms, everyone shall be subject only to such limitations as are determined by law solely for the purpose of securing due recognition and respect for the rights and freedom of others and of meeting the just requirements of morality, public order and the general welfare in a democratic society.
3. These rights and freedom may in no case be exercised contrary to the purpose and principals of the United Nations.

**Article 30**
Nothing in this declaration may be interpreted as implying for any State, group or person any right to engage in any activity or to perform any act aimed at the destruction of any of the rights and freedoms set forth herein.

***We, the undermentioned bodies, in our concern for the state of Human Rights in South Africa, then***

***CALL UPON THE SOUTH AFRICAN GOVERNMENT***

- **To withdraw all repressive legislation and measures which permit:**
  Detention without trial; Restriction on freedom of Assembly, freedom of expression, freedom of association and freedom of movement
- **To withdraw all discriminatory statutory measures such as:**
  Population Registration Act; Land Acts; Group Areas Act; and numerous others
- **To facilitate the process towards constituent assembly elections, in order to establish the will of all of the people of South Africa to be expressed in a new non-racial constitution which will embody a Bill of Rights reflecting the Universal Declaration of Human Rights**

***INVITE EVERYONE***

- To join with us in this call, so that our country may join the family of nations
- To attend a **PUBLIC MEETING** to be held on Monday 10th December, 1 - 2 pm at Central Methodist Hall, Pritchard Street.

**Speakers: Helen Suzman, Azhar Cachalia**

***Black Lawyers Association, Human Rights Commision, Lawyers for Human Rights, National Association of Democratic Lawyers.***

# Moord en aanranding alledaags

**Plaasboere wat hul werkers aanrand, vloek, min betaal, geen verlof gee nie en selfs vermoor, is nie 'n vreemde verskynsel in Suid-Afrika nie. PEARLIE JOUBERT kyk na die lewensomstandighede van plaaswerkers, die wetlike beskerming wat hulle geniet en na die jongste voorvalle waar werkers deur plaaseienaars of -voormanne aangeval is**

SEDERT 20 Januarie 1988 tot 3 April vanjaar is minstens ses plaaswerkers deur boere vermoor, was daar een emstige aanranding en een geval van "uitsonderlike slegte omstandighede waarin plaaswerkers werk" in die Oos-Transvaal.

Gedurende min of meer dieselfde tyd is drie gevalle aangemeld waar boere deur plaaswerkers aangerand is.

Volgens navorsing wat deur die Farmworkers Research and Resource Project (FRRP) gedoen is, is vanjaar reeds 19 gevalle van aanranding, moord, seksuele aanranding, vakbond-viktimisasie, intimidasie, marteling en selfs ontvoering aangemeld.

Een van die plase waar aanrandings en uitbuiting plaasgevind het, was op dié wat aan Anglo-American behoort.

Onlangs is twee werkers in die Transvaalse platteland ook deur plaaseienaars doodgeslaan.

Aanrandings, vloekery en swak betaling van werkers deur plaaseienaars of -voormanne, is nie vreemd vir die werkers nie.

'n Stellenbosse plaasvoorman het onlangs in die hof verskyn op aanklag van strafbare manslag nadat hy een van sy werkers doodgeslaan het. Hoewel die landdros in sy uitspraak gesê het dat dié klag van strafbare manslag van so 'n emstige aard is dat dit aan moord grens, het die beskuldigde net agtien maande effektiewe tronkstraf gekry.

Rudolp Rix, bestuurder van die plaas, Watergang, het op 18 Mei verlede jaar vir Charlie Thompson, 'n plaaswerker op dié plaas, en twee ander werkers met 'n piksteel aangerand.

Thompson is 'n paar dae later breindood verklaar en het aan sy wonde beswyk.

Volgens getuienis wat in die hof aangehoor is, het Thompson en die twee ander werkers gelê en slaap toe Rix hulle met die piksteel aangeval het.

Behuising op Watergang is van die swakste in die streek. Daar is geen elektrisiteit vir die werkers nie, onvoldoende toilet- en wasgeriewe, die huise is oud en bouvallig, ruite van die huise is stukkend en die dakke lek.

Die werkers op Watergang is ook van die mees swak-betaalde in die streek. Hulle werk vir lang ure vir R30 tot R45 per week en word uiters swak behandel deur die bestuurder. Baie werkers vertel van gereelde aanrandings, vloekery, intimidasie en ander misdrywe.

Nadat Rix vir Thompson geslaan en twee ander werkers aangerand het, het hy werkers na bewering twee maal daarna weer aangerand.

Watergang behoort aan Stevie Smith wat ook ander plase in die omgewing besit en 'n gerespekteerde en welgestelde boer van die omgewing is.

Volgens ander werkers wat ook dié aand op die toneel was én geslaan is, het Rix na die werkershuise gery en mense summier begin aanval.

Al die bewerings word gemaak in verklarings wat by Wes-Kaapse advieskantore afgeneem is. Ander werkers, wat ook na bewering deur Rix aangerand is, vertel van huisloosheid, drankprobleme en onderbetaling.

Andrew Thompson, 'n vriend van ander plaaswerkers op die plaas, het dié aand by Charlie gekuier toe Rix by hul huis ingebars en hulle begin slaan het.

Albei sy bene en drie ribbes is dié aand gebreek weens die houe wat Rix hom met die piksteel gegee het. Sy kniekop is erg beseer.



'n Kind werk saam met sy ma op 'n plaas naby Brits (Foto: Gill de Vlieg - Afrapix)

# Plaaswerkers nie veel meer as slawe nie

PLAASWERKERS se huidige posisie, ten opsigte van hul regte, het nog nie veel verander sedert die afskaffing van slawerny nie.

Trouens, die laaste Heer-en-diensbodewette (Master and Servants Acts), met beperkinge wat aan slawerny grens, is eers in die sewentigerjare afgeskaf, volgens Johan Hamman, 'n navorser van die Sentrum van Landelike Regstudies.

Dié wette het alle "nie-wittes" met passe wat hulle tot die platteland beperk, ook verplig om te registreer as werkers. Indien iemand gevang is dat hy of sy ledig is, kon dié persoon gevonnis word en verplig word om iewers, op 'n plek wat nie sy eie keuse is nie, te gaan werk.

Indien 'n persoon steeds sou weier om te werk, kon hy of sy aangekla word vir kontrakbreuk.

Hamman sê dié wette is nie veel anders as slawerny nie, "maar is net toegepas op 'n meer kontraktuele grondslag".

Vandag is boere steeds by magte om werkers van hul plase af te skop, na hul goeddunke lone te betaal of elektrisiteit by hul wonings te verskaf. Hulle kan werkers dwing om sonder oorbetaling te werk, hulle hoef geen betaalde siekteverlof te gee nie en soveel vakansie as wat hulle pas aan werkers gee.

Behalwe vir die Wet op Masjinerie en Beroepsveiligheid en die Wet op Ongevalle Versekering is daar geen wetgewing wat plaaswerkers (of huiswerkers) binne hul werksomstandighede beskerm nie.

Plaaswerkers val nie onder die beskerming van die Wet op Arbeidsverhoudinge nie - dié wet beskerm hoofsaaklik industriële werkers.

Suid-Afrikaanse industriële werkers word beskerm deur verskeie wette wat basiese diensvoorwaardes reël, meganismes daarstel om minimum lone te bepaal en 'n raamwerk skep waarbinne individuele en kollektiewe arbeidsgeskille besleg kan word.

Volgens die Wet op Basiese diensvoorwaardes word die maksimum werksure van werkers vasgestel, oortyd-betaling sowel as vakansie- en siekteverlof.

Plaaswerkers geniet nie die beskerming van dié wet nie.

Die Loonwet bepaal die minimum lone wat 'n werker betaal moet word, maar plaas- en huiswerkers val ook nie onder dié wet nie.

Die Wet op Arbeidsverhoudinge, waaronder plaaswerkers tot op hede ook nie resorteer nie, maak voorsiening vir nywerheidsrade en komitees wat bestaan uit werkgewers en werknemers. Dié komitees besleg onder meer geskille ten opsigte van lone en werksure.

Dié wet maak ook voorsiening vir werkers of die werkgewer om oortreders van ooreenkomste na die Nywerheidshof te neem.

Volgens Hamman verskil dié hof van die algemene howe "omdat dié hof van die beginsel van regverdigheid moet uitgaan".

"Dié hof beslis oor billike of onbillike arbeidspraktyke en is by magte om werkgewers te dwing om 'n werker weer in diens te neem as hy of sy byvoorbeeld onbillik afgedank is."

Plaaswerkers kan egter nie van dié hof gebruik maak nie omdat hulle wetlik nie ingesluit is by die jurisdiksie van dié hof nie.

Hamman sê die enigste beskerming wat plaas- en huiswerkers tans geniet, is 'n gemeenregtelike dienskontrak wat tussen werkgewer en werknemer bestaan.

Volgens dié kontrak, wat net 'n ooreenkoms is dat 'n werknemer sy arbeidsvermoë aan die werkgewer beskikbaar sal stel teen 'n "beloning", het die werknemer geen reg om aan te dring op 'n sekere minimum loon of vakansie of werksomstandighede nie.

"Dié kontrak is heeltemal onvoldoende omdat dit van die standpunt uitgaan dat die werkgewer en werknemer gelyk is. Dit ontken die ongelyke bedingingsposisie van die werker en werkgewer en laat die werker magteloos en sonder enige regte," sê Hamman.

'n Tegniese Komitee, bestaande uit lede van Cosatu, die Landbou-unie, Landelike Stigting en die Arbeidersparty sowel as prokureurs, het onlangs voorstelle aan die Nasionale Mannekrag Kommissie (NMK) gedoen vir die verbetering van die werks- en persoonlike omstandighede van plaaswerkers.

Dié komitee is byeengeroep nadat die Wet op Arbeidsverhoudinge in 1988 gewysig is en landswye stakings en ontevredenheid hieroor uitgebreek het.

Die wysiging van die wet was volgens Dawie Bosch, wat op die tegniese komitee dien, tot groot nadeel van vakbonde.

Stakings en ontevredenheid het sulke afmetings aangeneem dat die regering die wysigings teruggetrek het. Cosatu en Nactu het hierna vir die eerste maal in beginsel aanvaar om in gesprek te tree met die NMK.

Die voorstelle is aan die einde van verlede maand aan die minister van Mannekrag voorgelê vir goedkeuring en waarnemers meen dat plaaswerkers moontlik reeds volgende jaar die beskerming van die Wet op Arbeidsverhoudinge sal geniet.

Indien die voorstelle, wat deur die Tegniese Komitee gedoen is, deur die minister aanvaar sal word, sal dit beteken dat plaaswerkers beskerm sal word deurdat maksimum werksure, vakansie, siekteverlof en dat lone vasgestel gaan word.

Waarnemers sê die voorstelle wat aan die minister gedoen is, behels moontlik:

* 'n minimum van 14 dae betaalde verlof,
* 30 dae siekteverlof oor 'n tydperk van drie jaar en
* algemene diensvoorwaardes byvoorbeeld oortyd-betaling en maksimum werksure.

Hoewel daar sprake is dat dié voorstelle wat die Tegniese Komitee aan die minister gemaak het, ook diensvoorwaardes ten opsigte van viktimisasie, vakbond-aktiwiteite en afdankings sal behels, is dié voorstelle nog nie deur die minister bekend gemaak nie.

Dié voorstelle sluit nie huiswerkers in nie en volgens Bosch sal huiswerkers "seker nie voor 1992 ingesluit word by die Wet op Arbeidsverhoudinge nie".

Indien die parlement die voorstelle van die Tegniese Komitee aanvaar, sal dit egter nie beteken dat plaaswerkers se lewensomstandighede gaan verbeter nie.

Tans maak die wet voorsiening vir die vervolging van aanrandings, vloekery en intimidasie. Tog is dit duidelik dat dié gebeure aan die orde van die dag is vir plaaswerkers en die howe nie die moord op of doodslaan van 'n plaaswerker deur 'n boer in dieselfde lig beskou as wanneer die werker die boer sou doodmaak nie.

# R89 per maand...

OP die ongeveer 60 000 plase in Suid-Afrika werk sowat een miljoen plaasarbeiders.

Volgens navorsing wat deur Bruce Robertson van die Consultative Business Movement gedoen is, woon ongeveer 4,3 miljoen mense op dié plase.

Hoewel volledige navorsing in dié verband nog nie gedoen is nie, lyk dit asof byna 50 persent van dié "wonings" nie lopende water en elektrisiteit het nie.

Siektes wat weens dié omstandighede uitbreek, is by verskeie geleenthede geïdentifiseer. In Elliot in Natal het 'n dokter bevind dat werkers 18,8 persent van hul siektes weens hul lewensomstandighede kon opgedoen het.

Uit 914 gevalle wat deur die Farmworkers Research and Resource Project (FRRP) ondersoek is, is bevind dat plaaswerkers 'n gemiddelde salaris van R89 per maand ontvang en gemiddeld 26 dae per maand werk.

Die gemiddelde daaglikse loon vir seisoenwerkers is vasgestel op R3,23.

In Wes-Transvaal ontvang werkers gemiddeld R133,12 per maand en in die Wes-Kaap R218,05 per maand.

FRRP se navorsing het ook gewys dat 'n seisoenwerker, wat baie algemeen op plase gebruik word, soos tydens oes- of lamtye, in twaalf maande dieselfde loon verdien as wat 'n voltydse werker in drie maande verdien.

Lone op die Transvaalse Hoëveld het sedert 1976 met 14 persent gestyg, in die Vrystaat met 51 persent, in die Swartland in die Wes-Kaap met 2 persent en die Wes-Transvaal met 34 persent.

Op die meeste plase regverdig boere lae lone deurdat behuising, voedsel en drank (gewoonlik in die vorm van sakke mieliemeel en op sekere plase ook deur die dopstelsel), mediese sorg, brandstof en weiregte aan werkers verskaf word.

In die meeste gevalle het werkers nie 'n keuse of hulle van dié geriewe wil gebruik maak eerder as om kontant te ontvang nie.

# Du Plessis maak geen nuwe skuif

**SKUIWELINGE**
*Deur Hans du Plessis*
*HAUM-Literêr (R23,95)*

**JEANETTE FERREIRA**

Ná 'n digbundel ("Kleinwild") en 'n eerste roman ("Grensgeval") het Hans du Plessis se jongste roman, "Skuiwelinge", pas by HAUM-Literêr verskyn. In "Grensgeval" het Du Plessis veral beïndruk met sy sensitiewe blootlegging van die lyding wat uit apartheid gebore word, sy ontginning van onontkombare historiese gegewe, en sy vernuftige aanwending van Afrikaanse variasievorme.

In die jongste roman is hierdie historiese bewussyn steeds aanwesig en bevestig hy opnuut (o.a. deur Afrikaanse variasievorme) sy besondere vermoë vir sprankelende dialoog. In laasgenoemde opsig het Du Plessis homself as een van die bestes in moderne Afrikaanse literatuur gevestig. Maar "Skuiwelinge" is beslis nie van dieselfde gehalte as Du Plessis se vorige werk nie.

Die verhaal ontvou stuk-stuk: die karakters se ware herkoms word eers teen die einde kenbaar. En ter wille van hierdie aangename stukkie speurwerk wat wel aan die leser se verbeelding en interpretasie-vermoëns oorgelaat word, behoort 'n mens die volle verhaal nie hier weg te gee nie.

Met 'n genotvolle spanningsverhaal wil ek nie ongekwalifiseerd fout vind nie. En ek meen dat Du Plessis, as hy hom dit sou voorneem, so 'n verhaal met net soveel sukses as 'n fynproewersboek soos "Grensgeval" sal kan skryf. Maar hoekom dan die swaar simboliek: die skaakskuiwe, die simboliese datums en karaktername? Hierdie verhaal het geeneen daarvan nodig nie, en Du Plessis kon homself 'n klomp moeite gespaar het met hierdie oorbeplande, noukeurig uitgewerkte reeks aanwysings, byna asof hy vir oulaas doodseker wil maak sy leser kry die kloutjie by die oor. Vir die leser wat daarvan wil kennis neem:

Hosea trou met Eris Appel wat die twisappel tussen hom en 'n jeugvriend is; Eris is boonop los van sedes; Ester is die buite-egtelike kind van mnr. Bonthuys by 'n swart vrou; Ester raak voortdurend deurmekaar met mans wat volgens haar ouers se standaarde "nie ons mense" is nie; Samuel is 'n dominee wat geregtigheid wil sien seëvier.

Vergelyk hierdie name nou met die volgende gegewe wat die teks nie verskaf nie: Die Bybelse Hosea moes met 'n hoer trou sodat hy die smart kon ervaar wat die ontroue Israel veroorsaak het; "Eris" beteken "twis"; Mnr. Bonthuys se huis is inderdaad "bont" vanweë Ester se afkoms; Ester was die Bybelse Jodin wat met die nie-Joodse koning getrou het; Samuel was God se profeet. Verder maak Ester die volgende dagboekinskrywings op historiese gedenkdae: Op 6 April besoek sy haar biologiese (swart) vader; Op 16 Junie gooi die kinders klippe; Op 14 Augustus skryf sy: "Ek het Bettie vandag 'n Afrikaanse klas gegee". Op 16 Desember word Bettie, 'n swart kind, finaal as speelmaat deur haar ouers geëlimineer.

Die roman is in vier dele verdeel, waarvan elkeen met 'n skaakskuif aangedui word. Vir lesers wat nie skaak lees nie en nie die moeite wil doen om hierdie skaakspel te ontrafel nie: net die wit skaakstukke se skuiwe word aangedui, en die spel lei vinnig tot skaakmat: die soort spel wat 'n baie ervare opponent teen 'n onervare opponent speel. Hierdie eksperimentele werkwyse moet dan 'n dimensie toevoeg wat in die geskrewe verhaal ontbreek: in die verhaal is dit naamlik die wit "spelers" wat deur die swart "spelers" om die lewe gebring word. Hieruit moet die leser dan aflei dat die spel bedrieglik en/of herhaalbaar is. Maar die enigste manier waarop die skaakspel by die geskrewe teks aansluit, is die feit dat swartmense teen hulle sin na 'n ander woongebied verskuif word, en aldus "skuiwelinge" word. Die prominente aanwysings van skaakskuiwe kom dan geforseerd voor, 'n swewende motief waarsonder die verhaal ewe goed verstaan sou kon word en ook minder kunsmatig sou aandoen. Hierdie kunsmatigheid word verhoog deur die omslagontwerp wat werklik nie aan Du Plessis se subtiele vermoëns reg laat geskied nie: 'n volkleur skaakbord, bloedspatsels, skaakstukke en 'n spierwit vredesduif op die koop toe, 'n omslagontwerp wat eksplisiet genoeg is vir 'n boekklub en nie tot Du Plessis, HAUM of die ontwerpkunstenaar se eer strek nie.

Dit wil voorkom of Du Plessis met hierdie roman iewers tussen 'n ontspanningsverhaal en 'n meer verwikkelde verhaal gemik het, en in daardie proses een van die twee jammerlik gekwes het. Ter wille van die plesier wat Du Plessis se vertelvermoë verskaf, en ter wille van 'n verhaal wat spannend genoeg ontvou, moet "Skuiwelinge" nie ongelees bly nie.

Vir die leser wat die simboliek wil ignoreer, is daar dus wel iets om van te geniet. Maar is dit regtig genoeg? Die volk word nog altyd getugtig en gewaarsku. Aan apokalipse wat op die wit heersers se koppe afgeroep word, is daar teenswoordig 'n oorvloed van. Maar nuwe skuiwe op die skaakbord is Du Plessis se "Skuiwelinge" nie.

*Jeanette Ferreira doseer Afrikaans aan die Universiteit van Zoeloeland.*

# 'Die wanhoop en vrees van die tyd'

**DIE DOKUMENTE VAN DERTIG**
*Deur J.C. Kannemeyer*
*Jutalit (R69,50)*

**HELIZE VAN VUUREN**

AMPER vier dekades na die verskyning van D.J. Opperman se "Digters van Dertig" (1953) verskyn sy staalmaat, "Die dokumente van dertig". Dié dokumente is hoofsaaklik persoonlike korrespondensie en ongeveer twintig bladsye foto's, wat die leser help om die geesteskIimaat en leefwêreld van die broers Louw - N.P. en W.E.G. - en D.J. Opperman te rekonstrueer. Vir iemand wat geïnteresseerd is in die Afrikaanse literêre lewe van die dertigerjare, of slegs in die digters Louw en Opperman, is dit 'n boeiende werk. (Hoeveel van diésulkes daar vandag nog bestaan, is weer 'n ander vraag, hier waar ons sit en pieker oor wat gaan word van Afrikaans. Soms kry 'n mens die ongemaklike gevoel dat daar deesdae boedel opgemaak word in die Afrikaanse literêre wêreld. En die wat nie boedel opmaak nie, sit en bibber en bewe in angsvolle verwagting, of het die koppe diep in een of ander dekadente nes.)

Kannemeyer se studie roep onwillekeurig 'n vergelyking op van vandag se literêre wêreld met dié van gister. Dat venynige bekvegterye en polemieke en jaloesieë oënskynlik 'n onafskeidbare deel van die Afrikaanse literêre wêreld was van vroeg af aan, is skrale troos. Afgunstiger voel die leser van vandag, in sy studeerkamer omring met duisende Afrikaanse boeke en tog met die indigestie van die "fin-de-siècle" gevoel oor Afrikaans, as jy lees hoe verwagtingsvol die literêre mense toe nog was, en hoe pristien die wêreld daar uitgesien het. In 1936 skryf W.E.G.Louw uit Nederland aan sy broer dat hy nooit in Europa sou woon nie, want "Hier word 'n mens aangegryp deur die wanhoop en vrees van die tyd." (Klink dit bekend?) Oor Suid-Afrika voel hy veel meer optimisties: "By ons kan 'n mens nog 'n nuwe woord sê, fris en onbevange, 'n nuwe uitweg vind uit die donkerte van die lewe, 'n nuwe voortrek deur 'n vrugbare braakland: hier is alles gesê, alle uitweë ondersoek en verwerp, alle vore al geploeg. Dis om skoon bang voor te word." Watter benydenswaardige optimisme by die jeugdige Gladstone Louw!

Besonder insiggewend is die gedeeltes wat lig werp op die broers Louw se waardering en latere verwerping van die nasionaal-sosialisme. Anna Neethling-Pohl het indertyd blykbaar gereeld vanuit Duitsland haar briewe met "Ariese groete" afgesluit!)

W.E.G. Louw skryf in dié tyd politieke verse, o.a. "Drie Sonnette" wat in "Terugtog" (1940) opgeneem sou word, en bekla sy lot by sy broer dat hulle "tamelik retories" is, "maar hoe wil 'n mens anders politieke verse skrywe? 'n Mens kan tog nie 'sensitivisties gekoesterde' verse (...) skrywe oor jou haat vir Hertzog en sy verraad nie, en op een of ander tyd sal ons nou ons sê moet begin sê oor die verrotte en korrupte spul."

Daar is inderdaad niks nuuts onder die son nie. Nog verstommender is dit as mens lees hoe Van Wyk Louw op 27 Oktober 1942 aan sy vriend, die Nederlandse digter Jan Greshoff, skryf dat hy, Fred le Roux en hulle vrouens 'n "epiese dabat" gevoer het oor die vraag "of iemand goeie verse kan skrywe in 'n taal wat definitief gaan verdwyn"!

Die boeiendste gedeelte van die studie was vir my die laaste helfte, waarin Kannemeyer aan die hand van diverse dokumente, insiggewend skryf oor die verhouding tussen D.J.Opperman en N.P. van Wyk Louw: "Daar was (...) van die begin af naas die wedersydse waardering 'n element van wedywering in hulle vriendskap." In die laaste hoofstuk oor dié twee digters, "Bul teen bul", word die verwydering tussen die twee vriende as gevolg van Opperman se "Digters van Dertig" met sy "psigologies gesentreerde" belangstelling in 'Hoe het Groeide' (m.a.w. die ontstaan van die literêre werk), nader toegelig. Die breuk is nooit weer geheel nie, ten spyte van verskillende pogings van vriende en kollegas. Die oorsaak hiervan was Van Wyk Louw se onwrikbare gevoel dat "daar dinge is wat menslik eers genoem mag word wanneer die betrokke persone dood is; dit is 'n menslike erekode wat gelukkig meestal nog in die literatuur eerbiedig word." Hy beskuldig Opperman van "psigologisme", iets waarvan "ons hele lit-beskouing" "besmet" is.

Die boek is wel onbegryplik duur teen R69,50, maar as u in hierdie dae dié soort uitgawe kan bekostig, seer sekerlik 'n opwindende leeservaring.

*Helize van Vuuren doseer Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van Natal.*

# 'n Legende vir die 90's




**BILLY BATHGATE**
*Deur E L Doctorow*
*Picador (R19,99)*

**MARTIN STEGMAN**

DOCTOROW, skrywer van onvergeetlikhede soos "Ragtime" en "The Book of Daniel", trek los en skryf die groot gangster-storie.

Dit gaan oor Billy Bathgate, 'n skurwe klein New Yorker wat sy pad oopwurm tot in die binnekring van 'n groot bende. Hy woon saam met sy effens versteurende ma oorkant 'n weeshuis, waar hy vir 'n dollar sy plesiertjies kry by een van die verstote meisies.

Dan maak hy kennis met The Dutchman, die bot, beduiwelde bendeleier wat almal se verbeelding aangryp. Hy sien moorde, raak deurmekaar met een van die baas se snolle, koes tussen die koeëls deur en maak geld.

Doctorow skryf weer in lang, asemlose sinne. Hy skep al die klassieke karakters wat 'n mens in so 'n boek verwag en laat al die tipiese dinge gebeur.

Tussen al die aksie deur kry hy dit boonop reg om filosofies te raak. Hy ontleed die kriminele brein, gesag, geweld, intimidasie. Van die eerste dramatiese sin is die storie vinnig, broeiend en sensuseel.

Na 'n paar bladsye sak 'n mens in jou leunstoel terug en rys jou armhare as jy begin besef: hierdie is nie net 'n groot skrywer wat sy vingers trommel soos William Golding in "Rites of Passage" en "Close Quarters" nie.

Billy Bathgate is 'n legende vir die negentigs.

South Subscription Special Offer
The only independent weekly newspaper in the Cape

*SOUTH 1991 calendar free with each annual subscription received before 31 December 1990!*

**RATES:** R30,00 (26 weeks);
R60,00 (52 weeks)

***Please complete and mail the form below:***

NAME: ..............................
ADDRESS: ..............................
..............................
..............................
CODE: .......... PHONE: .......... (h) .......... (w)

Send form and crossed cheque or postal order to:
SOUTH Press Service (Pty) Ltd
PO Box 13094
Sir Lowry Road
7900

Please indicate: ☐ 26 weeks ☐ 52 weeks

**Onder redaksie van KOOS PRINSLOO**

# Marxisme en die Christendom: dié twee moet in gesprek tree



**Die Suid-Afrikaanse Kommuniste Party (SAKP) moet 'n "ferm standpunt inneem teen die manifestasies van idealisme en onwetenskaplike analises" in eie geledere, sê dié party in sy lyfblad, Umsebenzi. Hierby sluit hulle godsdiens in. Dit beteken egter nie dat daar nie dialoog tussen die Marxisme en die Christelike Kerk moet plaasvind nie, sê prof JAAP DURAND, teoloog en vise-rektor van die Universiteit van Wes-Kaapland. En die gesprek moet nie net beperk word tot ateïsme versus godsdiens nie, maar moet ook ander sake insluit. Hier volg die eerste van twee artikels oor dié onderwerp**



MARXISME en die Christendom ontmoet mekaar daagliks op die strate van die swart woongebiede en vele jongmense het begin glo in 'n tweeledige bevryding: 'n soort geestelik bevryding deur die boodskap van die kerk en 'n politieke bevryding deur Marxistiese strategieë. Die SAKP sal dié tweeledigheid sonder twyfel op sy eie manier aanspreek. Hoe gaan die kerk op hierdie ontwikkeling reageer?

Terwyl dit 'n saak van groot dringendheid is dat die kerk sy verhouding tot Marxisme in die Suid-Afrikaanse konteks moet bepaal, lyk dit hoogs onwaarskynlik dat al die verskillende Christelike groeperings tot dieselfde gevolgtrekkings gaan kom.

Vir die doeleindes van dié artikel word aanvaar dat daardie kerke wat een of ander aktiewe deelname in die bevrydingstryd het, nie sal terugval op 'n volslae verwerping van Marxisme synde 'n ateïstiese ideologie wat ten alle koste weerstaan moet word nie.

Dit is selfs te verwagte dat 'n soort verhouding met Marxisme in dié kerke tot stand sal kom, veral in die lig van die feit dat die ANC sowel Christene as kommuniste in sy midde huisves.

Die bevrydingsteologie het met die gebruikmaking van Marxistiese sosiale analises reeds die weg vir so 'n verhouding voorberei. Die ongemak by bevrydingsteoloë oor die feit dat hulle deur veral Christene in die regtervleuel gedemoniseer is as deel van die "totale aanslag" en selfs as kommuniste gebrandmerk is, het tot dusver verhoed dat hulle duidelike teologiese riglyne verskaf het waarvolgens so 'n verhouding tot stand kon kom.

In die afwesigheid van sulke riglyne kan die volgende tentatiewe voorstelle moontlik oorweeg word.

Daar is veral drie terreine wat bespreek moet word: die probleem van godsdiens en ateïsme; die totalitêre staat en demokrasie; en sosialisme versus kapitalisme.

As daar op dié drie terreine 'n soort kompromis bereik kan word, sal die ander kwessies min of meer irrelevant word ten opsigte van die verhouding Christen-Marxis.

Die kwessie van godsdiens en ateïsme is die mees basiese, omdat die teenstrydighede tussen die Christendom en Marxisme en hulle wedersydse verwerping van mekaar, nêrens meer ooglopend is nie.

Vir Christene is Marxisme die beliggaming van die ongoddelike magte wat duidelik en ondubbelsinnig alle vorme van godsdiens verwerp, terwyl Marxiste glo dat die Christelike Kerk deur sy hele aard met die vyande van die werkersklasse identifiseer. Dit kloof lyk onoorbrugbaar.

**'Karl Marx het die denke van Feuerbach omgekeer deur te sê dat in plaas van die oorsaak van ellende en rampspoed in die wêreld te wees, godsdiens die veilige hawe geword het waarin die mens hom terugtrek om so aan die ellende van die wêreld te probeer ontsnap.'**

Die tradisionele Marxisme verwerp godsdiens as sulks - nie omrede dit inherent 'n dwaasheid is nie, maar omrede die gevaar wat dit as 'n soort susmiddel vir die mensdom inhou. 'n Breuk met godsdiens beteken 'n terugkeer na die werklike wêreld en werklike mense; om in dié wêreld na lewe te soek en nie in die hiernamaals nie.

Histories kan ateïsme gesien word as 'n regstreekse gevolg van die mislukking van die kerk om die lyding van die proletariaat in die 19e eeu raak te sien. Dit is egter 'n ooreenvoudiging.

Die wortels van Marxistiese teenstand teen godsdiens gaan dieper. Marxistiese ateïsme is 'n erflating van die Westerse middelklas. Marxisme as dialektiese materialisme is 'n gevolg en die wetenskaplike aansprake van die Westerse denke in die sosiologiese, politieke en ekonomie sfere van die lewe. Die konsep van wetenskaplike waarheid het onvermydelik gelei tot die uitskakeling van die transendente en die geloof dat godsdiens self mensgemaak is.

In dié aspek het Karl Marx op die voetspore van Ludwig Feuerbach gevolg. Hy het godsdiens beskou as die eindproduk van 'n geestelike proses van projektering, waarin 'n god geskep word, toegerus met die beste eienskap van die menslike wese. Die mens het homself gevolglik vervreem van die beste deel van homself. Godsdiens is dus, volgens Feuerbach, die grootste oorsaak van die ellende in die wêreld, omdat dit verhoed dat die mens tot sy volle potensiaal en vryheid ontwikkel.

Karl Marx het die denke van Feuerbach omgekeer deur te sê dat in plaas van die oorsaak van ellende en rampspoed in die wêreld te wees, godsdiens die veilige hawe geword het waarin die mens hom terugtrek om so aan die ellende van die wêreld te probeer ontsnap. Dit word 'n opium. Dit is die taak van die filosofie om die self-vervreemding in al sy vorme te ontbloot.

'n Kritiek op die godsdiens word 'n kritiek op geregtigheid, en 'n teologiese kritiek word 'n politieke kritiek. Dus, sê Marx, is die kritiek van godsdiens die grondslag van alle kritiek.

Vir Marx, en hierin het Engels en Lenin hom nagevolg, het die doktrine van ekonomiese determinisme en historiese materialisme, die geloof in God vervang.

God bestaan nie. Die enigste ding wat bestaan is die natuur, en die mens as die produk van en die regeerder oor die natuur, en menslike geskiedenis.

In die Christelike-Marxistiese dialoog buite Suid-Afrika word pogings aangewend om gemeenskaplike gronde te vind deur te beklemtoon dat ateïsme nie 'n voorvereiste van Marxisme is nie. Nogtans is dit duidelik dat Marxisme soos wat dit in SAPK-kringe beoefen word, nog altyd 'n duidelike ateïstiese vertrekpunt gehad het.

Wat wil ons bereik deur 'n debat in 'n Christelike dialoog met Marxiste? Om hulle te probeer bekeer? En wat dan? Of wil ons die versekering hê dat 'n teïstiese Marxisme moontlik is met die oog daarop om ons Christelike gewete te sus?

Dit is nie in die aard van die kerk - of dit behoort nie te wees nie - om op 'n vyandige wyse te reageer teenoor diegene wat hulself as vyande van die kerk opstel nie. Dit behoort egter ook nie die kerk daarvan te weerhou om Marxisme te konfronteer met wat hy as die basiese denkfout in Marxisme beskou nie: sy ateïsme.

En net dan te vra: "Is daar steeds die moontlikheid vir 'n soort samewerking en verhouding?"

In die verband wil ek verwys na die woorde van Joe Slovo: "Daar is net twee soorte mense wat vertrou kan word. 'n Ware oortuigde Christen en 'n ware oortuigde Marxis."

Dit is skaars nodig om by te voeg dat enige verhouding of dialoog van betekenis op wedersydse vertroue en die basiese aanvaarding van mekaar se integriteit gegrond is. En die Christelike kerk kan maklik sy eie integriteit in gevaar stel deur nie die uitdaging van Marxistiese ateïsme ernstig te benader nie.

* Volgende week word die totalitêre staat versus demokrasie, en die sosialisme versus kapitalisme bespreek.

# Sowjet-Unie slaan ag op die sterre

MOSKOU - Volgens astroloë was November 1990 een van die ingewikkeldste maande - op politieke en individuele vlak - in die Sowjet-Unie. Dit is ook dié maand waarin die Astrologiese Akademie in die Sowjet-Unie ingestel is.

Sowjet-astroloë, wat tot dusver ondergronds moes werk, het onlangs amptelik in plaaslike verenigings georganiseer (Moskou, Leningrad en Kiev), en dié verenigings in 'n interstreeksvereniging saamgesnoer.

Die leiers van Sowjet-okkultiste - Pavel en Tamara Globa, Veisberg en Velichko - glo dat dié verenigings dit moontlik sal maak om die kwalifikasies van astroloë na te gaan en, te midde van toenemende belangstelling in horoskope, die mense teen valse wiggelaars beskerm.

Daar is reeds meer as 1 000 mense in Moskou alleen wat astrologie by dié akademie wil bestudeer.

By die Astrologiese Akademie sal studente die geleentheid kry om lesings by te woon oor etiek, gelaatkunde, astrofilosofie, astropsigologie en ander vakke wat hulle sal toelaat om die lot van die mens en die samelewing oor 'n tydperk van drie jaar te bestudeer.

Astroloë voorspel 'n donker toekoms vir die Sowjet-Unie. Die astroloogpaar Pavel en Tamara Globa glo dat die bestaande stelsel sy hoogtepunt teen die lente van 1991 sal bereik.

Volgens hulle voorspellings sal die moeilike binnelandse situasie in die Sowjet-Unie tot in die middel negentigerjare voortduur, en slegs wanneer die konstellasie van Akwarius oor Rusland opkom sal dié land geestelik herontwaak en sy volwaardige plek in die familie van nasies inneem. - NOVOSTI

# Afrika se tweede vryheidstryd het begin



Prof Ali Mazrui... "Die androgene potensiaal van die Afrika-kultuur moet ondersoek word."

AFRIKA se tweede vryheidstryd - die beweging na groter demokrasie - het so pas regoor die kontinent begin, sê prof Ali Mazrui, 'n Keniaan en Afrika-kenner van Wêreldformaat.

Hy beklee die Albert Schweitzerleerstoel in Menswetenskappe aan die State University of New York.

Mazrui is deur die World Conference of Religion and Peace genooi om die sesde Desmond Tutu-vredeslesing in Johannesburg te lewer. Hy het gepraat oor Afrika se prodemokratiese beweging: Inheemse, Islamitiese en Christelike tendense.

Sê hy: "As die eerste vryheidstryd in Afrika teen vreemde heersers was, is die nuwe kruistog vir Afrikademokrasie. As die eerste bevrydingspoging vir Afrika-onafhanklikheid was, is die tweede vir wyer regte en vryhede. Indien die eerste poging was om kollektiewe selfbeskikking, is die tweede poging vir individuele selfvervulling.

"Afrika het hard geveg vir dekolonialisasie in die eerste kruistog; of Afrika net so hard vir demokratisering sal veg in die tweede kruistog, sal nog gesien moet word."

Mazrui het verwys na sy eie land, Kenia, waar daar vroeër vanjaar opstande was vir 'n meer plurale politieke stelsel. 'n Soortgelyke opstand in Algerië in 1988 was meer suksesvol. Dié land het in Februarie 'n nuwe grondwet gekry en "kompeterende verkiesings" gaan vir die eerste keer sedert onafhanklikheid in 1962, gehou word.

Soortgelyke pogings tot demokratisering het in Zambië, die Ivoorkus, Mosambiek, en in die Republiek van Benin, plaasgevind.

In Suid-Afrika is twee vryheidstryde tegelyk aan die gang: Die kontekstuele stryd vir kollektiewe selfbeskikking, en die sosiaaldemokratiese stryd om individuele regte en sosiale geregtigheid.

In Afrika het die drie hoofgodsdienste van die kontinent, Islam, Christendom en die inheemse godsdienste, 'n belangrike rol gespeel. Kan godsdiens ook 'n vroedvrou-rol in Suid-Afrika speel?

Mazrui sê swart Afrika het 'n tradisie van godsdienstige verdraagsaamheid. Net in Afrika is daar lande met staatshoofde wat wissel tussen Christene en Moslems. Soos in die Moslem-staat Senegal waar die staatshoof vir die afgelope twintig jaar 'n Christen is, terwyl die president 'n Moslem is wat met 'n Rooms Katoliek getroud is: "Kan u u 'n Amerikaanse president met 'n Moslem as vrou voorstel?"

Tanzanië, wat 'n oorheersend Moslem-land is, het nou vir die eerste keer 'n Moslem-staatshoof, terwyl die vorige staatshoof, Julius Neyrere, 'n nie-Moslem was. Nigerië, wat 'n oorheersend Moslem-land is, het al om die beurt Christene en Moslems as militêre leiers gehad.

Mazrui sê godsdienstige oorloë in Afrika kom voor waar godsdienstige verskille met etniese (stam-) verskille saamval. Soos byvoorbeeld die Abo en die Hausa in Nigerië.

Hy skryf dié verdraagsaamheid toe aan die invloed van die inheemse Afrika-godsdiens op die ander twee tradisies. Afrika-godsdiens ken 'n belangrike plek aan vroue en mans in die samelewing toe. Die androgene potensiaal van die Afrika-kultuur moet ondersoek word en toegelaat word om 'n belangrike rol in die demokratisering van Suid-Afrika en die res van Afrika te speel, het hy gesê.

- INA VAN DER LINDE

# *Waar was die wit Afrikaanse kerke?*

"GAAN ons onder 'n nuwe regering die ANC-in-gebed word?" wou 'n Moslem-teoloog, Imam Rashid Umar, dié week van die Nasionale Intergeloofskonferensie in Johannesburg weet.

Die stelling verwys natuurlik na die NG Kerk wat vir jare die NP-ingebed genoem is. En as mens luister na die uitsprake van sprekers en die besluite van die konferensie is die gevolgtrekking: nie sommer nie.

Die konferensie is gereël deur die World Conference on Religion and Peace en het gegaan oor die verhouding tussen georganiseerde godsdienste en die staat.

Sowat 150 verteenwoordigers van godsdienste wat wissel van verskillende groepe in die Moslembeweging, tot by Hindoes, Christene, Judaïste, die Baha'i, Rastafari's, een (vroulike) Boeddhis, en Hara Krishna's.

Met die openingsaand was dit 'n bonte versameling van lang jurke en bypassende koffias, wit katoenjurke en tulbande om die kop, kunstig geweefde of leer hoofbedekkings (vir die Jode), fyn gehekelde koffias en serpe vir die Moslems. Sari's en blou Old Boy's blazers vir Hindoesakemanne. Met die opening het die gehoor, vreemd vir die verskillende gebruik, byna soos in 'n konsert hande geklap vir 'n Hindoe-gebed en vir 'n voordrag uit die Koran.

Organiseerders het hulle hande vol gehad met die kos. Moslems was ontsteld omdat vis en spek langs mekaar aan die ontbyttafel gestaan het en dat dieselfde lepel boonop vir albei gebruik is. Die Hindoes wou weet waarom daar so baie kosjerkos en so min vegetariese disse is.

Opmerklik was egter die afwesigheid van die wit Afrikaanse kerke, baie swart kerke - charismatiese en Pentakostalistiese, wit en swart- én swart onafhanklike kerke. Afwesig was ook Moslemekstremiste. Hulle is genooi, maar het nie opgedaag nie. Wat dit vir sprekers en deelnemers moontlik gemaak het om groot eenstemmigheid te bereik oor heelwat sake.

Dr Frank Chikane van die SA Raad van Kerke, en prof Albie Sachs, wat die ANC se standpunt gestel het, het albei gesê hulle is ten gunste van 'n sekulêre staat met geloofsvryheid as 'n artikel in die grondwet. Dit sluit in die vryheid om te glo of nie te glo nie, gelyke beskerming vir alle gelowe, geen diskriminasie tussen verskillende gelowe nie en die reg om 'n gewetensbeswaarde te wees. Dus: geen amptelike godsdiens (Christelike staat) soos wat nou die geval is nie. Hierin moet godsdienstige verdraagsaamheid en 'n ywer vir geregtigheid en die waarheid 'n groot rol speel.

Die enigste bydrae wat gesorg het vir 'n rimpeling op die waters van knusse eensgesindheid, was dié van dr Denise Ackermann van Kaaptad.

Sy het gepraat oor die rol van vroue in 'n demokratiese Suid-Afrika en wou weet hoe gelowiges hulle kan verbind tot 'n stryd om demokratiese regte terwyl die patriargale strukture in al die wêreldgodsdienste totaal ondemokraties is.

"Hoe ernstig kan ons geloofsleiers opneem wat hulle verbind tot 'n demokratiese toekoms, terwyl daar op soveel godsdientige gebiede geen demokrasie is nie?

"Ek wil die moraliteit van die georganiseerde godsdienste bevraagteken wat definisies uitwerk vir geloofsvryheid, terwyl hulle steeds onderdrukking toepas, wat stry vir demokrasie, terwyl hulle steeds patriargie beoefen, wat aanvaar dat hulle 'n bydrae kan maak tot die geestelike heropbou van die land, terwyl hulle eie geestelikheid gekenmerk word deur 'n gaping tussen teorie en praktyk.

"Ek dink ons moet ons eie huis in orde kry," sê Ackermann.

In die verklaring agterna oor godsdiensvryheid, geregtigheid, berou en ander edele sake, verskyn daar nie 'n woord oor demokratiese regte aan vroue in die geloof nie.

- INA VAN DER LINDE



Wapens in die Derde Wêreld is 'n nagmerrie vir die ontwikkelde lande. Hier stuur 'n Amerikaanse soldaat 'n video-boodskap na sy gesin waarin hy vir hulle sê hulle moenie bekommerd wees nie. (Foto: AP)

# Die bedreiging vanuit die Derde Wêreld

**Die Golf-krisis demonstreer duidelik dat Derde Wêreldse lande 'n al meer onafhanklike rol in die wêreldpolitiek begin speel, sê die Russiese politieke ontleder VICTOR GAEF. Aan die een kant is dit goed, aan die ander kant moet ons onthou dat nie net Irak sy wil op andere wil afdwing nie**

TOT onlangs is die situasie in die Derde Wêreld hoofsaaklik deur die prisma van Sowjet-Amerikaanse konfrontasie beskou. Daar was tye toe dit moontlik was om 'n beleid van detente tussen die twee lande na te volg, terwyl daar op streeksvlak 'n onverbiddelike stryd voortgeduur het.

Nuwe denke het daartoe gelei dat ons minstens opgehou het om deur 'n visier na Amerika te kyk. En dit het gelyk asof die wêreld weer kan asemhaal. Na twee jaar is dit egter duidelik dat die wapenarsenale van die groot moondhede nie die enigste bedreiging vir wêreldvrede was nie.

Vroeër was enige aanval vanuit die Derde Wêreld net 'n gevaar vir die belange van die groot moondhede, maar nie vir die groot moondhede self nie. Nou, met die proliferasie van missieltegnologie kan Europese state nie meer veilig voel nie. 'n Groot deel van die Sowjet-Unie val byvoorbeeld binne die trefwydte van missiele in die besit van Israel en Saoedi-Arabië.

'n Ander kommerwekkende faktor is dat die streekswedloop om wapens aangedryf word deur plaaslike konflik in die Derde Wêreld. En anders as in die Koue Oorlog, waartydens missielwapens hoofsaaklik ontwikkel is om aanvalle te stuit en te verhoed, dit wil sê vir indirekte redes, word dit in die Derde Wêreld beoog vir regstreekse gebruik teen ander lande.

Behalwe vir politieke redes, was daar ook finansiële redes vir die aanvuur van konflik in die Derde Wêreld, omdat dit die grootste afsetpunt vir wapens was. En wapenverskaffing het vir die Sowjet-Unie die vernaamste middel vir penetrasie in die ontwikkelende lande geword.

Maar samewerking met dié lande het totaal ander resultate opgelewer as dié wat beoog is. Die ontwikkelde lande was, waarskynlik omdat hulle die moontlikheid van 'n uitbreiding van die "kernklub" ernstig opgeneem het nie, nie eintlik versigtig in hul toepassing van die voorwaardes van die Verdrag oor die Nie-Proliferasie van Kernwapens nie.

Wat chemiese wapens betref, het die oordrag van tegnologie natuurlik deeglik plaasgevind. Daar is aangeneem dat die ontwikkelende lande nie in staat was om gesofistikeerde chemiese wapens te vervaardig nie. Volgens konserwatiewe ramings besit 'n dosyn ontwikkelende lande nou chemiese wapens.

Die uitvoer en heruitvoer van wapens, wat op hul eie deur ontwikkelende lande van voorrade vanuit ontwikkelde lande vervaardig word, is dwarsdeur die wêreld aan die groei. Hiervoor is nie net die Sowjet-Unie te blameer nie.

Toe Amerika vind dat Iran van sy geallieerdes in sy vyand omskep het, moes hy die wapens afstaan wat verskaf is om Amerikaanse belange te beskerm.

Dit is allernoodsaaklik dat ons moet besef dat in die hele spektrum van interstaat-verhoudinge, militêre bande die breekbaarste is.

Maar ek is bevrees dat nòg Amerika nòg die Sowjet-Unie die vraag kan beantwoord van wat gedoen kan word. Die aard van die bedreiging vanuit die Derde Wêreld is so ingewikkeld dat baie water nog in die see sal moet loop voor doeltreffende meganismes geskep kan word om dit te neutraliseer. - ANO

**BRIEWE**

**Vrye Weekblad plaas graag briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Briewe korter as 200 woorde sal voorkeur geniet, en die redakteur behou die reg voor om briewe te verkort. Skryf aan: Vrye Weekblad Briewe, Posbus 177, Newtown 2113. Of bel met jou mening na (011) 836-2151.**

# Geloofspraatjies pla

**Bouwe van der Eems van Seepunt skryf:**

Daar is een rubriek in u koerant wat my pla, en dit is Geloofspraatjies. Ek sou graag wou hê dat die naam verander moet word, aangesien ek in al die uitgawes wat ek gelees het, nie een woord van geloof gesien het nie.

In die rubriek word meestal allerhande opinies gegee oor hoe die kerke in Suid-Afrika 'n bydrae kan lewer tot die stigting van 'n nuwe Suid-Afrika. Die kerke moet sosiale geregtigheid bevorder en versoening teweeg bring.

Nie een keer het ek egter in die rubriek gelees dat die skrywers dankbaar is dat Christus hulle van hul sondes verlos het en dat die kerk die taak het om hierdie evangelie suiwer te verkondig nie. As die kerk dit nie doen nie, sal hy nie in staat wees om enige geregtigheid na te streef nie. As kerke egter politieke doelwitte nastreef op grond van politieke motiewe, sal God se seën nie daarop rus nie. 'n Christen kan nie sy naaste lief hê as hy God nie lief het nie.

In Suid-Afrika het ons 'n duistere geskiedenis van kerke wat die Woord van God ignoreer en verdraai om hul politieke idees te pas. Die NG Kerk het die Woord aangepas om die beleid van apartheid te regverdig. As die NG Kerk die Bybel nou weer anders lees as gevolg van die verandering van regeringsbeleid, dan maak hy weer presies dieselfde fout. Die APK is 'n kerk gestig op grond van politieke idees. Bevrydingsteoloë reduseer die verlossing van Christus tot 'n politieke verlossing uit 'n politieke onderdrukking. Die Bybel sê egter dat die Koninkryk van God nie van dié wêreld is nie.

Die boek Rigters gee duidelike riglyne oor hoe die probleme van ons land opgelos kan word. Afgode (materialisme, humanisme, ensovoorts) moet verwyder word en daar moet teruggekeer word na die diens aan die Here. Kerke kan slegs behulpsaam wees in die proses deur die verkondiging van die suiwere evangelie. Enige ander oplossing sal nie enige seën van die Here ontvang nie.

## Afrikaner?

**Demokraat van Doringkloof skryf:**

Vrye Weekblad se redaksie se standpunt dat hul die demokrasie, die vrye en oop gemeenskap, akademiese integriteit ensovoorts, anders sien as Nasionale Inligting, die Landdros, vooraanstaande Afrikaanse Akademici, die veiligheidsinstellings, Universiteitsowerhede, Mike de Vries, Jani Allan, Jean Rook ens ens ad infinitum (moontlik almal behalwe die redaksie van Vrye Weekblad), noop my om gedagtes teenoor u te lug ten opsigte van u eensydige siening van wat reg of verkeerd is en u onvermoë om uitsprake wat teen u menings is, te aanvaar.

Bewaar ons as u weekblad die "vrye" pers in die "nuwe Suid-Afrika" gaan verteenwoordig.

Word wakker. Enige regering, selfs die mees demokratiese land ter wêreld (die VSA) het hul geheime projekte, en dit is nodig om hul vyande een voor te wees. (Of het die regerings in jul wêreld nie kwaadgesinde elemente nie?)

Ek lees u "koerant" om 'n gebalanseerde inset oor mediamenings te kry, maar een ding staan soos 'n paal bo water, enigiets anders as "antisociety", anti-establishment en anti-Afrikaner is onaanvaarbaar. Slegs u mening is geldig.

Ek sal bly wees as u die gebruik om uself 'n Afrikaner te noem (of pryse wat vir Afrikaners bedoel is te aanvaar) wil opsê, want u is alles behalwe. U waardes, menings, uitsprake, moraliteit; u trou en lojaliteit lê beslis nie by die Afrikaner of sy strewes nie. U is nie bereid om sy saak te ondersteun nie. Hiper-kritiek is eerder u styl en bewaar die een wat dit waag om die Afrikaner se saak te probeer verdedig. Geen wonder nie Jani Allan moes so kastyding in u blad verduur.

U sê u glo in demokrasie, vrye spraak, basiese menseregte, vreeslose reguit beriggewing sonder aansiens des persoons - geld dit slegs die "eienaars" van u blad, want staatsamptenare wat durf waag om jou hof toe te vat omdat jy hul persoon te na kom, is 'n "onding".

As Jani Allan haar opinie vreesloos uiter, en haar reg op vryheid van assosiasie en spraak uitoefen, word sy met innuendo belaster.

Evalueer u stuk oor Jani uit 'n Afrikaner-hoek en u sal verbaas wees om te sien hoe mooi u "robuuste skryfstyl", u beginsels en u blad kwalifiseer ten opsigte van u eie kritiek.

Beslis minder as Jani op die vereistes van insig, styl en goeie smaak.

Hoekom bespreek u dié artikel in isolasie? Daar is so baie voorbeelde van haar insig en haar joernalistieke ervaring, baie kere anti-Afrikaner en anti-regering, of is dit dat sy met haar hoëhak Gucci-skoentjies op jou wêreldjie getrap het?

*(Brief verkort - Red)*

## Laagtepunt

**LW Ackerman van Stellenbosch skryf:**

The wonderful thing about justice is it's simplicity. Paupers and peasants, princes and kings can tell, with unerring accuracy - the more so when they are victims - when something is not fair.

As a law student I am neither pauper nor prince (though some would say I belong to a species renowned for it's duplicity and immoral behaviour) and right now I feel they are right.

You can't fool all the people all the time and the Harms Report failed to do so for even the briefest instant. When I heard that the Report was, at best, a finger-wag at Magnus, and, at worst, letting people get away with murder, literally, I realised that our judges' already questionable track-record, had taken a turn for the worse.

In fact, this Report will be looked back on in future years as the all-time low of our South African judiciary.

At the moment I cannot truthfully say that I am proud to be law student.

Where has our sense of justice gone? What has happened to our legal system that a respected judge - role model for aspiring lawyers - brings out this kind of report?

You know it and I know it: someone got away with murder.

## Verpligte leesstof

**Stephan Bouwer van Johannesburg skryf:**

Andrea Vinassa se artikel "Inisiasiefoto's - vrae oor etiek" in Vrydag van 30 November 1990 was regtig puik. Ek gaan dit verpligte leesstof maak in my kursus in kommunikasiekunde aan die Randse Afrikaanse Universiteit.


**KONSULTATIEWE SAKEBEWEGING**

**Die Konsultatiewe Sakebeweging benodig die dienste van 'n persoonlike assistent vir die Uitvoerende Direkteur en Nasionale Organiseerder van dié organisasie. Verantwoordelikhede sal insluit: die hou en organisering van dagboeke; die skryf en verspreiding van agendas, notules en aantekeninge van vergaderings; algemene korrespondensie; die opstel en redigering van gereelde kommunikasie aan lede; en die hou van kontinuïteit in die kantoor.**

Die suksesvolle kandidaat moet 'n bekwame en tweetalige persoon wees, vaardig tov organisasie, konseptualisering, kommunikasie, skryfvermoë en woordverwerking. Hy/sy moet ook sensitief wees tov die dinamiek van die politieke ekonomie en die uitdagings van die nuwe Suid-Afrika. 'n Vergoedingspakket van R45 000 (onderhandelbaar) word aangebied. Dit is verkieslik dat die persoon so gou as moontlik na 7 Januarie moet begin werk, maar definitief nie later nie as 1 Februarie 1991.

*Aansoekers moet CV's faks of pos aan (011) 618-2079 of Posbus 2352, Johannesburg 2000. Onderhoude sal vanaf 10-14 Desember gehou word.*


# Steurvis se dae getel?

TEEN die draai van die eeu het die Kaspiese See 80 persent van die wêreld se steurvis opgelewer. Vandag nog word nege uit tien steurvisse wêreldwyd deur Sowjet-vissermanne gevang. Dié steurvisse word meestal in die noordelike deel van die Kaspiese See - waar die Volga-rivier in die see loop - gevang.

Dit is so te sê die enigste plek op aarde waar die steurvis nog voorkom. Die Adriatiese-, Chinese- en Japanse steurvisse is heeltemal uitgewis, en die Noord-Amerikaanse steurvis staan op die rant van uitwissing.

Ofskoon groot hoeveelhede steurvisse in die Volga-Kaspiese gebied gevang word, is kenners besorg dat die Kaspiese steurvis dieselfde lot as ander steurvisse in die gesig staar.

Oor die afgelope paar jaar het die steurvisskole in die gebied ingrypend afgeneem. Volgens kenners is groot hidro-elektriese stasies langs die Volga hiervoor verantwoordelik: industriële- en landbou-afval besoedel die Kaspiese see en die riviere wat daarheen vloei.

Die steurvis se voortbestaan word regstreeks deur dié besoedeling bedreig.

Volgens wetenskaplikes het die steurvis tussen 180 - 200 miljoen jaar gelede reeds verskyn. Dié vis word tot twee meter lank en lewer tot 20 kilogram kaviaar.

Hoewel swart steurviskaviaar een van die Sowjet-Unie se groot uitvoerprodukte is, is wetenskaplikes dit eens dat die steurvis van uitwissing gered moet word. Hulle dring daarop aan dat steurvisvangs vir drie tot vyf jaar gestaak moet word met dié uitsluitlike doel om die visse te laat aanteel. - NOVOSTI



'n Steurvis word in die Volga-strandmeer gevang (Foto: Novosti)

# Na baie jare staan die groenes weer buite...

DIE uitslag van die pas afgelope verkiesing in die nuwe Duitsland is kommerwekkend. Steun vir die Groenes het in so 'n mate verminder dat daar nie vir hulle enige verteenwoordiging in die nuwe parlement sal wees nie. Vir die eerste keer in baie jare staan die "Grunes" weer buite.

Sommige ondersteuners sal sê dat dit is waar hulle in die eerste plek hoort en ander sal die geweldige resente verandering in die "maatskappy" voorhou as die rede tot die verskuiwing en stemvermindering. Almal sal sekerlik dié verwikkeling beskryf as 'n vingerwysing om op te hou droom, werklikhede te aanvaar en 'n nuwe rigting in te slaan.

Dit lyk asof die bedreiging wat die omgewing in die gesig staar nou finaal tot die standaard Europese politieke partye begin deurdring en of die kern van die groenes se beleid nou nie meer slegs deur "alternatiewe" groeperinge geannekseer kan word nie.

Indien die party waarvoor jy al die jare gestem het nou 'n paar stewige ekologiese beginsels onderskryf, sou daar geen rede wees om na die groenes oor te loop nie. Almal is nou besorg oor die omgewing!

Dit is ironies dat die groenes hulle nou moes vasloop teen hulle eie "enkelstroom"-beleid. Die ambivalente houding wat die groen party teenoor byvoorbeeld militêre en ander magstrukture ingeneem het, het hulle nou duur te staan gekom.

Die voorstanders van 'n holistiese verandering van die hele struktuur van die samelewing kan nou met reg aan die groen pragmatiste sê: "Ons het julle mos gesê! Klim uit! Werk aan 'n nuwe wêreldbeskouing. Nou gaan 'hulle' net die bestaande magstrukture groen verf en dít gaan nie die terminale roes keer nie."

## Verlore mense

Die afgelope paar dae het daar 'n vreemde beriggie in verskeie plaaslike koerante verskyn. Daar word vertel van ses mans wat in die Savuti in die noorde van Botswana verlore geraak het. Die lyke van drie van die mans is later naby hulle voertuig gevind, maar die ander drie is nog soek.

Dis was nogal vreemd, want in die Savuti is daar heelwat ander mense, om nie eens van die talle oorsese toeriste en safarikampe te praat nie. 'n Vriend uit Botswana kon die raaisel verlig, maar nie oplos nie.

Die ses mans was almal werkers van die Botswana-regering se departement van waterwese. Hulle het in die omgewing van Shinamba Hills (en nie Savuti nie) tydens 'n amptelike opname soek geraak.

Shinamba Hills is ongeveer 90 kilometer suid van Kasane op die noordelike grens van Botswana en omtrent 70 kilometer oos van Savuti. Dit is 'n plat, uitgestrekte en onbewoonde bosveld-gebied. In daardie sanderige deel van die noorde het dit dié seisoen nog bykans niks gereën nie.

GROENPRAATJIES



TIENIE DU PLESSIS

Die lyk van die vierde werker is vroeg dié week deur 'n soekgeselskap van die weermag gevind. Die liggaam was gedeeltelik deur roofdiere geëet, maar daar kan nog nie vasgestel word of die persoon gesterf het voor die diere hom beet gekry het nie. Die ander twee mans word steeds vermis.

Die onverklaarbare aspek van die saak is dat die mans almal goed bekend was met die omgewing waar hulle sou werk, en dat die voertuig waarmee hulle gery het in volledige werkende toestand was toe dit gevind is. Daar was genoeg petrol in die tenk en die voertuig was nie in die sand vasgeval nie. Botswana se weermag is tans besig met 'n uitgebreide land- en lugsoektog na die oorblywende vermistes.

## Olifante

Na die verbod op ivoorhandel het die mark vir produkte van olifante in duie gestort. So lyk dit op die oog af. Onlangs is daar egter berig dat sekere handelaars in Asië hulle (wettige) ivoor-voorrade terughou met die hoop dat 'n verslapping van die verbod op hande is. Ivoorpryse bly dus hoog en die stryd rondom dié produk is nog lank nie verby nie.

Afrika-state, veral in Suider-Afrika, is duidelik omgekrap oor wat hulle as inmenging in hulle eie bestuur van olifant-bevolkings sien. Botswana, Zimbabwe en Zambië het gesonde getalle olifante en die plaaslike bevolking het finansieel voordeel geput uit die verantwoordelike verbruik van dié natuurlike hulpbron. Hoe lank gaan dit neem voordat hulle dié verbod eenvoudig ignoreer?

In Gaberone was daar 'n paar weke gelede 'n studiegroep byeen om oor dié kwessie te besin. Die deelnemers was bewaringsbeamptes van verskeie organisasies, personeel van hulporganisasies van die VSA en Europa en regeringslede.

Botswana het heelwat probleme met olifante in die noorde van die land. 'n Onlangse opname het aan die lig gebring dat die sowat 57 000 olifante in die Chobe-gebied besig is om die vegetasie van sekere areas permanent te verander.

Die vernietigende oorbevolking sal op die een of ander wyse gestabiliseer moet word. Daar is besluit dat die stabilisering slegs kan geskied deur die beplande uitdun van ongeveer 1 500 tot 2 000 olifante per jaar. Die verteenwoordigers van Cites en die VSA was hierteen gekant en dreigemente van weerhouding van fondse is klaarblyklik oor die teekoppies gelug.

'n Kleinskaalse studie gaan tog gedoen word. Sowat 250 olifante gaan, na wat verneem word, in 1991 geskiet word.

Die alternatief is 'n verskuiwing van 2 000 olifante per jaar na die een of ander deel van die wêreld waar hulle gehuisves kan word. Weet iemand van 'n oom met 'n plaas hier rond wat 2 000 olifante nodig het? Ek wonder hoe sal so 'n wildvangsoperasie lyk (én hoeveel sal dit kos)?

*(Tienie du Plessis is 'n mede-direkteur van Taurus-uitgewers)*

# Die Skrif verskoon dié 'onskuld' nie

SKULDBELYDENIS behoort tot die hart van die Christelike evangelie. Daarom is die huidige herrie in Afrikaanse kerklike geledere oor die "Skuldbelydenis van Rustenburg" op sy minste bevreemdend. Waarom verset gelowiges hulself so heftig teen iets wat 'n Christelike oergegewe is?

Miskien is dit omdat 'n groep berou veel moeiliker vind as 'n enkeling. Dit was, in 'n neutedop, die strekking van Reinhold Niebuhr se boek, "Moral man and immoral society" (1933): in die konteks van 'n immorele samelewing gebeur dit alte dikwels dat goeie, vrome individue, wat op die persoonlike vlak met hoogste integriteit optree, sonder gewetenswroeging meedoen aan strukturele onreg.

Jacques Ellul, die Franse juris en leketeoloog, formuleer dit so: Strukturele sondes is sondes wat begaan word, maar niemand kan presies sê deur wié hulle begaan word nie. Ons sou dalk kon sê dat hulle deur die "stelsel" gepleeg is.

Die strukturele sondes van apartheid val in dié kategorie. In die meeste gevalle is dit onmoontlik om die "skuldiges" by die naam te noem. Die skuld is diffuus, dit is versprei dwarsdeur die samelewing, deel van die samelewing se tekstuur.

En om hier skuld te bely, verg meer as slegs individuele koersaanpassing. Dit verg 'n herstrukturering van die hele maatskappy. En afgesien van alle ander faktore, het die meeste mense net eenvoudig nie die morele en fisiese energie om die konsekwensies uit so 'n wydvertakte koersaanpassing te trek nie.

Die huidige Afrikaanse kerklike samelewing bestaan - oorvereenvoudigend geformuleer - uit drie hoofgroepe. Eerstens is daar 'n klein groep wat die belydenis van strukturele skuld en die beginnende afskeid van apartheid as bevryding ervaar.

Na jare van magtelose en dikwels onverwerkbare skuldgevoelens lyk dit uiteindelik vir hulle asof dit tog moontlik gaan wees om die kanker van rassisme en die daarmee gepaardgaande onreg uit ons sisteem te verwyder. En hulle juig die nuwe klimaat toe, soos hulle ook die besluite van die onlangse Algemene Sinode van die NG Kerk en die skuldbelydenis van Rustenburg toejuig.

Tweedens is daar 'n veel groter middegroep wat tot die besef gekom het dat die ou bedeling onherroeplik verby is, dat apartheid nòg op morele, nòg op praktiese gronde haalbaar is.

Die meeste van hulle was vroeër geesdriftige ondersteuners van apartheid, maar hulle weet nou dat dit net eenvoudig nie meer verdedig kan word nie. Terselfdertyd kan hulle hulself tog nog nie so ver kry om 'n nuwe toekoms met moed en blydskap tegemoet te gaan nie.

Hulle is onseker en vasgevang in 'n innerlike stryd tussen botsende sentimente. My vermoede is dat ten minste sommige van die afgevaardigdes wat tydens die afgelope Algemene Sinode vir die hersiening van "Kerk en Samelewing" gestem het, in dié groep val. Hulle weet hulle kan nie meer terug na die oue nie, maar huiwer om die nuwe te omarm. Hulle is op pad na die posisie van die eerste groep, maar kan, onder omstandighede, ook probeer terugkeer na hulle vorige posisie - al is dit dan met 'n slegte gewete!

Die derde groep bestaan uit dié by wie daar geen twyfel is dat apartheid reg is nie. Die vergadering van ds Kobus Potgieter en dr Andries Treurnicht in Pretoria verlede week aangekondig met plakkate waarop in groot letters gevra word "SKULD BELY OOR APARTHEID?" - is simptomaties van dié groep.

Hulle voel verraai deur die tweede groep, vir wie hulle nog altyd as bondgenote beskou het en sal alles in hulle vermoë doen om die besluite van die Algemene Sinode tesame met die Rustenburgse skuldbelydenis weer ongedaan te maak.

Tot tyd en wyl dit geskied, kan hulle geen rus en vrede hê nie. Bowendien gaan dit vir hulle om politieke oorlewing; indien hulle die pad van die Algemene Sinode en van Rustenburg sou loop, sou dit beteken dat die mat onder die Konserwatiewe Party en ander regse groepe uitgetrek word.

Dit behoort tot die wese van die derde groep se posisie dat hulle konsekwent onskuldig pleit, dat hulle byna fanatiek vashou aan die oortuiging dat daar niks is waaroor die Afrikaner of die Afrikaanse kerke skaam hoef te wees nie.

En dit is niks nuuts nie. Die Fariseër in die gelykenis van Lukas 18:9-14 was regtig onder die indruk dat hy onskuldig was en geen rede gehad het om, soos die tollenaar, skuld te bely nie. Die ryk man in die gelykenis van Lukas 16:19-31 was eweneens "eerlik" onbewus van die feit dat hy verkeerd teenoor Lasarus opgetree het. En die mense van die gelykenis van Matteus 25:31-46 was oorbluf toe aan hulle gesê is dat hulle skuldig was omdat hulle nie armes en siekes versorg het nie.

Ons sou, in al hierdie gevalle, kon sê dat hulle oë "verhinder was" om die werklikheid raak te sien (kyk Lukas 24:15).

Maar nou is dit opvallend dat in al drie gevalle uit die Skrif aangehaal, hierdie "onskuld" nie as versagtende omstandighede geld nie. Om die waarheid te sê, dit vererger hulle skuld. Hulle is nie minder skuldig as ander nie, maar meer. Want hulle onskuld is geen ware onskuld nie; dit is pseudo-onskuld, soos Allan Boesak in sy "Farewell to Innocence" betoog het.

Bo alles is dit egter nie net dié individue wat skuldig is nie, maar ook die kerke waarvan hulle al die jare lidmate was. Want die kerke het ywerig hierdie skuld ontken en daarmee die pseudo-onskuld verkondig en gekoester, ja, dit in sommige gevalle selfs tot dogma verhef.




DAVID BOSCH

As hierdie kerke nou - onder die werking van Gods Gees en as gevolg van toenemende kontak met die onderdruktes - tot die besef kom dat hulle altyd nog hulle lidmate met valse gerustheid en onskuld gevoed het, is dit 'n aanduiding dat God se genade en ontferming uiteindelik tog die oorhand kry en tot bekering lei.

En mag ons dan nie hoop dat ook dié wat nou so kragtig teen die prikkels skop, nog eendag tot ander insigte sal kom nie?

Immers, as ons dit nie doen nie, is ons skuldig aan dieselfde selfgeregtigheid as die Fariseër in die gelykenis van Lukas 18...

*(Prof David Bosch is Hoof van die Departement Sendingwetenskap aan Unisa)*

# Waar's my deel van die miljoen?

"Die oogmerk van gholf is om 'n klein balletjie oor groot afstande in 'n klein gaatjie te slaan... mét die implemente wat die minste vir die doel geskik is."

Die wysgeer wat dié definisie uitgedink het, het duidelik nog nooit 18 putjies met 'n piksteel of 'n roeispaan aangedurf nie, maar almal wat al ooit 'n hand aan gholf gewaag het, weet wat hy bedoel.

Sportgeskiedkundiges sê die Romeine het gholf uitgedink. Dis genoeg om 'n mens snuf in die neus te laat kry; die enigste ander sportsoort waarmee hulle vorendag kon kom, was leeus teen Christene.

Daar is niks wat 'n mens meer kan frustreer as gholf (oftewel moer-en-soek) nie. Enigeen wat al sy laaste balletjie uit 'n slymerige dammetjie moes vis, weet dat dit net waansinniges - of natuurfratse - is wat ná die eerste paar mislukte pogings met dié tydverdryf sal volhou.

Kortom, gholf doen met jou brein wat 'n honger leeu met jou lyf doen. Die enigste verskil is dat jy nie in die klubhuis kan gaan sit en drink as 'n leeu met jou klaar is nie.

Dié drinksessies is die enigste logiese verduideliking vir die feit dat duisende mense elke naweek op gholfbane toesak.

Een van dié geesdriftiges saam met wie ek al teen my sin 'n paar



**Dit word al makliker vir gholfspelers om kits-mijoenêrs te word - nie in rand nie, maar in dollar. TIM SANDHAM vind die gedagte aan soveel geld vir so min moeite absurd**

rondes voltooi het, sê altyd dat daar in elke ronde, hoe sleg ookal, één hou is wat so volmaak is dat jy jou die volgende naweek weer op die baan begeef.

Dis nogal vreemd dat hy nooit een van dié houe speel wanneer iemand by is nie. Ons hoor net elke week daarvan.

Glo dit of nie, gholfgeesdriftiges is selfs bereid om te betaal om te sien hoe mense met bonatuurlike geluk die balletjies sekuur na die setperk, en dan in die gaatjie slaan.

Toeskouers kyk gholf - die wêreld se verveligste toeskouersport, visvang uitgesluit - om aan hulself te bewys dit kán gedoen word.

Hierdie naweek gebeur dit weer; mense stroom Sun City toe om die toernooi om een miljoen dollar by te woon. Tien fratse wat hul geluk teen mekaar meet vir 'n skrikaanjaende som geld.

(Jaaaaa, Gary Player, ons weet teen dié tyd "the more you practice, the luckier you get". Maar hoekom werk dit nie vir my nie?)

Daar is 'n storie wat lui dat die Iere gholf aan die Skotte voorgestel het - en dat die Skotte nou nog nie die grap gesnap het nie.

Dié naweek gaan iemand 'n miljoen dollar vir vier dae se "werk" verdien. Die verloorder - ja, die ou wat héél laaste eindig - kry 100 000 dollar! Nie eers uittredende beamptes van die Johannesburgse stadsraad word só vir hul mislukkings beloon nie.

Intussen sit ons in ons kantore ingehok vir misrabele salarisse. Ek kry die idee daar is êrens 'n grap wat ek nie snap nie.



David Frost, wat dié naweek na sy tweede miljoen mik

# Transvaal kán in die Baai verras

TRANSVAAL se hele kolflys is vol kwesplekke. Om 'n goeie kolfvertoning deur Clive Rice-hulle te voorspel, is 'n groot waagstuk.

Maar Jimmy Cook en Steve Smith se kolfwerk in die eerste halfeindstryd teen die Vrystaat is genoeg rede om Rice se hoop op 'n oorwinning in volgende Saterdag se Nissanskild-eindstryd op St Georgepark te laat opvlam.

Maak geen fout nie, die Oostelike Provinsie is die oorweldigende gunsteling. Dié span is 'n toonbeeld van beheer. Moenie op enige wilde waagstukke of kolf-ineenstortings reken nie. Al wat Kepler Wessels-hulle week ná week doen, is om 'n beproefde resep foutloos toe te pas.

Om te kan wen, sal Transvaal móét waag. As hy eerste kolf moet hy probeer om aan die OP 'n taak te stel wat meer as sy gewone betroubare doeltreffendheid verg.

Ons weet nou dat die OP sonder moeite 'n tempo van 4,5 of selfs vyf lopies per beurt kan handhaaf. Volgende Saterdag sal Transvaal dus hoër moet mik.

Die WP se stertkolwers het verlede Sondag gewys hoe 'n mens met die OP se boulaanval moet werk. Almal, van Rod McCurdy tot Tim Shaw, het lelik onder Eric Simons se langsteel deurgeloop.

Dit is dalk 'n bedekte seën vir Transvaal dat die eindstryd nie op die Wanderers beslis word nie. Cook sukkel deesdae op sy tuisveld, en hy is die een speler wat die uitslag in sy span se guns kan laat swaai.

Daar is in die verlede van hom gesê dat hy oor te min aanvallende houe beskik, maar deesdae teken hy lopies op alle uithoeke van die veld aan.

Of selfs sy beste goed genoeg gaan wees om die OP se ellelange kolflys te troef, sal ons maar moet sien.

Man vir man weeg Transvaal nie te waffers teen die kampioen op nie, maar eendagkrieket het in die verlede al verskeie kits-helde opgelewer. Dit kan volgende Saterdag weer gebeur.

## SAUK sny die beste deel uit

**DIT kan net die SAUK wees wat 99 persent van 'n krieketwedstryd regstreeks op televisie vertoon, en die uitsending dan drie boulbeurte voor die einde, met die uitslag in die weegskaal, onverwags kortknip.**

**Jy haas jou na die radio om die uitslag te verneem, maar jy is net betyds om die Topsport-kenwysie in die agtergrond te hoor uitdoof. Ag nee wat.**

**Ons kan net hoop dit gebeur nie weer met volgende week se eindstryd nie.**

**Die SAUK saai volgende week drie krieketwedstryde in Benson & Hedges se aandreeks deurlopend regstreeks uit. Die uitsendings begin om nagenoeg 16h10.**

**Die gholftoernooi om $1 miljoen is die naweek se sporthoogtepunt.**

**'n Boksgeveg om 'n wêreldtitel en die belangrike sokkerwedstryd tussen Liverpool en Nottingham Forest is die hoogtepunte van M-Net se sportuitsendings.**

## Die week se TV-Sport

**Die week se volledige sportprogramrooster is:**

**SAUK:**
**Vrydag, 7 Desember:**
TV1 11h30 en 14h00; TV4 18h00: Gholf: Miljoen Dollar, Sun City
TV1, 18h00: Gillette se World Sport Special; Opel se reeks oor SA sportsterre oorsee; Gholf: Miljoen Dollar, Sun City
TV4, 17h00 en TSS 21h00: Soccer Scene.
**Saterdag, 8 Desember:**
TV1, 12h00-1756: Gholf: Miljoen Dollar, Sun City; Seiljagvaart (BOC-uitdaag-wedvaart: jongste nuus); Perdewedrenne vanaf Turffontein
**Sondag, 9 Desember:**
TV1, 11h30: Gholf: Miljoen Dollar, Sun City
**Maandag, 10 Desember:**
TV4, 16h10; TSS18h00-einde: krieket: B&H wedstryd OP teen NTvl
TV1, 21h00: Krieket-sage: episode 7; B&H wedstryd OP teen NTvl
**Dinsdag, 11 Desember:**
TV4, 16h10; TSS18h00-einde: krieket: B&H wedstryd OVS teen Natal
TSS 21h00: Krieket, atletiek en tennis.
**Woensdag, 12 Desember:**
TV4, 16h10; TSS18h00-einde: krieket: B&H wedstryd Tvl teen WP
TV1, 22h05: Atletiek uit Durban
**Donderdag, 13 Desember:**
TSS 21h00: Tennis: Opel Grand Slam
**M-NET:**
**Vrydag, 7 Desember:**
18h30: World of National Panasonic
**Saterdag, 8 Desember:**
14h30: World of National Panasonic; motorsportnuus; Nashua Engelse Sokker: Nottingham Forest teen Liverpool; Gholf: JC Penney Classic
24h00: Boks: Michael Carbajal teen Leon Salazar om IBF se junior vlieggewigtitel.
**Maandag, 10 Desember:**
23h00: Mud and Glory: Colin Meads.
**Dinsdag, 11 Desember:**
22h00: Nashua se Engelse sokkerhoogtepunte.
23h00: Mud and Glory: leaders of the pack.
**Woensdag, 12 Desember:**
22h45: Mud and Glory: The Glory Boys.
**Donderdag 13 Desember:**
23h00: Mud and Glory: Keith Murdoch



# Sport

Bl. 23 - Transvaal kan in die Baai verras

# Waar is al die helde heen?

**TOT in die jare sewentig is sporthelde in Suid Afrika soos afgode behandel; die grootste eer wat 'n Suid-Afrikaner te beurt kon val, was om die groen en goud te dra. Die prentjie het sedertdien dramaties verander. Veral danksy televisie weet ons nou dat sportsterre doodgewone ouens is wat nie werklik op 'n troontjie hoort nie. TINUS HORN kyk hoe die die aard van roem die afgelope paar jaar verander het**



Brian Mitchell

DIE dae toe laerskoolseuntjies foto's van sporthelde versamel het, is stellig vir goed verby; Naas Botha kan eenvoudig nie met die Ninja Turtles meeding nie.

Top-sportmanne beklee steeds 'n vername plek in ons samelewing. Daarvan getuig die feit dat borge oor hul voete val om hul produk aan 'n ster se naam te koppel. Maar verskeie faktore het die afgelope dekade of wat meegewerk om dié helde se status te verlaag.

Die grootste rede vir die verandering is televisie. So 'n wonderlike medium soos wat dit is, maak dit alles en almal met 'n oormaat blootstelling alledaags. Jare gelede het die radio en die pers sportsterre in 'n mitiese aura omhul; TV laat niks aan die verbeelding oor nie.

Die helde is soms hul eie grootste vyande.

So vinnig soos wat regstreekse uitsendings van groot wedstryde 'n sportman se aansien kan verhoog, so vinning kan 'n onderhoud met hom ná 'n wedstryd dit weer laat daal.

Selfs 'n man sooos Brian Mitchell, wat ongetwyfeld een van die beste sportmanne is wat die land nog opgelewer het, skrik mense af as hy homself so voor die TV-kameras prys.

In die ou dae is Gary Player ná 'n groot sege deur duisende aanhangers op die lughawe verwelkom; deesdae is Mitchell gelukkig as daar 'n beampte van die Suid-Afrikaanse Boksbeheerraad by Jan Smuts opdaag.

Sportskrywers se rol het ook die afgelope paar jaar dramaties verander. Tien jaar gelede sou hulle byvoorbeeld 'n dwelmskandaal stil gehou het, konsuis ter wille van atletiek, fietsry of wat ookal.

Deesdae weet almal dat die samelewing die beste gedien word deur die vrot appels uit te wys.

Sommige administrateurs verwag steeds dat joernaliste hul lakeie moet wees, (natuurlik weer omdat dit in belang van die betrokke sportsoort is) maar dit wil lyk asof die meeste van hulle besef dat 'n toesmeerdery op die lang duur net nadelige gevolge kan hê.

Dit is belangrik dat helde, wie se foute (soos die Springbok-rugbyspelers se berugte gedrag op oorsese toere) in die verlede verswyg is, oor dieselfde kam geskeer word as enigiemand anders.

Tog is dit jammer dat hulle deesdae die teikens van 'n meedoënlose gejaag na sensasie is.

Hoe groter die naam, hoe groter die storie as hy skeef trap. Naas se beste vertoning op die rugbyveld kan nooit soveel opspraak verwek soos die stories van 'n meisie wat hom vir onderhoud dagvaar nie.

Dié soort beheptheid met beroemdes se private lewe spruit vreemd genoeg uit 'n soort heldeverering, maar breek uiteindelik die "held" se beeld heeltemal af.

Benewens Botha het twee krieketsterre, Graeme Pollock en Henry Fotheringham, die afgelope paar jaar deurgeloop onder hoofberigte in die Sondagpers waarin stories van buite-egtelike verhoudings oopgevlek is.



Gary Player



Graeme Pollock

Onlangs was 'n oud-Griekwarugbyspeler in die nuus nadat hy aan gewapende roof skuldig bevind is. In sy speeldae was hy selde in die kalklig, en hy was byna dadelik ná sy uittrede 'n vergete man, maar op die koerantplakate was hy vanjaar weer 'n "bekende rugbyman".

Dis seker verstaanbaar dat die publiek wil weet wat die sportlui aanvang as hulle van die veld of baan stap, maar dit maak sake moeilik vir die betrokkenes.

'n Mens kan verstaan waarom Naas so ongelukkig was toe hy deur 'n fotograaf voorgelê is wat 'n foto van sy nuwe meisie wou neem. Die gedagte dat hy Suid-Afrika se antwoord op die koninklike gesin is, staan hom klaarblyklik nie aan nie.

Opkikkers het atletiek van baie glans beroof. Die meeste atlete ding waarskynlik eerlik mee, maar te wyte aan skandes soos dié om Ben Johnson en Butch Reynolds, staan mense deesdae skepties oor alle uitsonderlike prestasies.

Florence Griffith-Joyner is nooit positief vir enige verbode middels getoets nie, maar daar is nietemin bespiegel dat haar gespierde liggaam met die hulp van steroïdes opgebou is.

Ná haar uittrede is weer gesê sy het net betyds opgehou om te verhinder dat sy uitgevang word.

In die lig hiervan is dit duidelik dat die publiek nie meer glo dat sportsterre iets besonders is nie. En dis ook maar goed. As jy ander doodgewone sterflinge met te veel ontsag bejeen, is die ontnugtering soveel groter as jy uiteindelik besef hulle het voete van klei.




*Michel Blanc in "Monsieur Hire" (bo), Rupert Everett in "The Comfort of Strangers" (links) en Richard E Grant in "How to Get Ahead in Advertising" (onder).*





# Hartstog in die flieksaal

AS dit van Ster-Kinekor afhang, wag daar 'n hartstogtelike feesseisoen op rolprentliefhebbers. Vier nuwe teaters waarin prente soos "La Boheme", "Stanno Tutti Benne" en "Il Maestro" gaan draai, open volgende week in die Rosebank Mall-kompleks.

"Stanno Tutti Benne" ("Almal is perdfris") is die derde prent van Guiseppe Tornatore van "Cinema Paradiso"-faam en die verhaal van 'n reis deur Italië ... "die Italië van die intieme gevoelens van mense wat nooit beroemd word nie". Matteo Scuro is 'n operaliefhebber wat besluit dat hy sy vyf kinders weer om dieselfde tafel wil sien. Tornatore noem dit 'n "road movie bittersweet comedy thriller". Marcello Mastroianni speel die hoofrol.

Twee van die feesseisoen se hoogtepunte is gegrond op romans: "The Comfort of Strangers" op Ian McEwan se roman met dieselfde naam en "Monsieur Hire" op Georges Simenon se "Les Fiancailles de M Hire".

McEwan se roman, wat in Venesië afspeel, is in 1981 deur 'n resensent beskryf as "a nightmare about travel and evil, as it might have been conceived by Harold Pinter". Dus is dit seker gepas dat Pinter "Comfort" se draaiboek geskryf het. En ook gepas dat Paul Schrader ('n oud-rolprentresensent) die regie behartig. Schrader het "Taxi Driver", "Raging Bull" en "The Last Temptation of Christ" geskryf en die regie van "Cat People" en "Mishima" behartig.

"Comfort" is die verhaal van twee verliefdes (gespeel deur Rupert Everett en Natasha Richardson) wat terugkeer na Venesië met die doel om hul tanende liefdesverhouding te verlewendig. Daar ontmoet hulle 'n egpaar (gespeel deur Christopher Walken en Helen Mirren) en knoop die vier 'n vreemdsoortige verhouding aan ... "Pyn is plesier, self-verwoesting is self-vervulling".

Bruce Robinson ("Withnail and I") se "How to Get Ahead in Advertising", 'n wrede satire oor die reklamebedryf wat sommer wild na die media klap, is skitterend. 'n Irrelevante feit oor Robinson - sy anti-media simpatie was in "The Killing Fields" duidelik - is dat hy Benvolio in Zeffirelli se "Romeo and Juliet" gespeel het.

"Monsieur Hire" het baie opspraak gewek by die 1989 Cannes-Fees. Dit was een van die amptelike inskrywings op die hooffees en handel oor die skemerverhouding tussen die eensame Hire (Michel Blanc) en 'n kelnerin wat oorkant hom in sy woonstelblok woon. Alice (Sandrine Bonnair) word weke lank deur haar buurman dopgehou sonder dat sy daarvan weet. Wanneer sy hom uiteindelik ontmoet, is sy vreesbevange ... en nuuskierig. Europese resensente het die prent hoog aanbeveel. Michael Nyman, die Britse komponis wat gewoonlik saam met Peter Greenaway werk, het die musiek gekomponeer ... dié keer is hy in Brahms se skoene!

# Ziggies sit legende voort

**_LEGENDS_**
**_Steve Walsh, Barbora Tellinger, Lisa Melman, Didi Kriel, Kai, Reuben Samuels en Steve Walsh_**
**_In Ziggies, Grantlaan, Norwood_**

**_RANDY LE ROUX_**

SEDERT No 58 se Barbara en Uta Hawaii toe getrek het, is stewige musiekvermaak maar skaars. Nou het Steve Walsh, die man wat klink of hy te veel seewater gesluk het, Ziggies oopgemaak.

Ziggies is groter as No 58. Dis gemakliker. 'n Mens kan asemhaal. Die kos is heel skaflik. Die kelners is gaaf. En, te oordeel aan "Legends", vertoon shows beter op dié verhoog. Ziggies is beslis 'n verbetering op No 58.

"Legends" is een van daai saamgeflansde shows wat sy welslae meet volgens hoeveel herinneringe per minuut elke liedjie in die gehoor kan oproep. En as Jim Morrison en Janis Joplin nie vir jou koue rillings gee nie, is jy van klip gemaak. Ek het in die Sixties na Wagner geluister en selfs ek het plek-plek 'n rilling gevoel.

Dit is 'n komiese huldeblyk wat soms lomp, maar dikwels dawerend uitgevoer word. Shirley Temple, Charlie Chaplin, Marilyn Monroe, Mama Cas, Bob Marley, The Beatles, The Supremes en nogwat word met wisselende sukses deur Tellinger, Walsh en Melman opgeroep. Dat ons so verknog is aan Amerika en sy celebrities, maar vir dié wat hunker na 'n bietjie SA nostalgie ... Mango Groove se landwye toer begin eersdaags.

# En vandag is dit witbrood

DIE beste rede om in die Kaap te woon, is Duens se growwebrood, goewermentbrood met 'n subsidie op. Dis die lekkerste volgraanbrood wat jy omtrent kan kry, dit maak volmaakte toast. Menige gevalle van aanmeldbare wanvoeding is al deur avokado-op volgraan-roosterbrood gekeer...

Die feit dat die brood gesubsidieer word, is 'n teer sakie, en word heftig oor baklei. Miss Pikeur staan vandag eenkant, maar is dankbaar vir die quality. Daarom praat ons vandag net van witbrood, want goeie volgraan kan jy koop.

Nou die dag lees vrind David dat die Italianers brood in water week en dit in slaai opdien. Hy trek sy neus op vir sulke lawwigheid, maar eet darem met groot smaak die slaai wat ek met Duens se brood gemaak het. Dit was nie in water gekweek nie, maar gemeng met stukkies heel ryp tamatie, 'n goeie skoot olyfolie en growwe sout bo-oor. Dit was soggy en smaaklik.

En nou dat die basiliekruid ruig staan, kan die keurige peperagtige blare in handevol bo-oor gekap word. Toe sê ek vir die eieregtige David, onthou jy nie, gesagte Ingelse kinders is met niks meer skool of selfs fabriek toe gestuur as 'n hompie brood geweek in water nie... Nes Afrikanerkinders, destyds.

Toe praat ons weer oor brood. Hoe ons mense ken, moderne mense wat Toyotas koop en direkteurs is van Volkskas, wat nooit ooit 'n stukkie brood weggooi nie. Katolieke wat die kruisteken maak bo-oor 'n brood voor hy oond toe gaan. Bunny chow-brood in Durban: 'n Uitgeholde white loaf, gevul met kerriemaalvleis. Hoe gek Suid-Afrikaners is na knoffelbrood.

En hoe g'n kind wat ons ken, kan brood knie nie.

Toe besluit ons: Vandag is dit brood. Mense wat brood koop by grand winkels en die wat in elke geval superloaf in grootmaat koop, tel nie hier nie. Dis vir hulle wat dikwels wonder hoe brood eintlik gemaak kan word, dat ek hierdie paar resepte gee.

**Fynproe**
**NETTIE PIKEUR**

Dis 'n heerlike vakansie-projek ook vir die kinders: Hulle moet elke twee dae vars brood bak. Dis nie moeilik nie, net tydrowend. Maar dis ook nie hulle tyd wat geroof word nie. Jy kan gaan swem terwyl brood rys. En babasit terwyl dit bak.

Maar dink net my liewe nefie. Wanneer die grootmense aan tafel aansit en iemand vra waar kom die wonderlike brood vandaan, kan jy sê: Ouma, ek het dit self gebak.

Hiermee dus 'n basiese broodresep wat elke kind van tien kan maak. Wit, soos egte plaasbrood. Jy moet eintlik 'n skaaltjie hê om die meel mee af te meet, maar later weet jy hoeveel koppiesvol net reg is. Kry verder 'n broodpan en 'n paar pakkies van daardie wonderlike kitsgis.

## Perfekte witbrood

Smeer die broodpan met margarine of olie en plaas eenkant.

Roer 'n halwe pakkie kitsgis by 'n kwartkoppie water en laat staan. Meet 450g broodmeel af - nie koekmeel nie, onthou - in 'n groot mengbak. Voeg by twee teelepels sout asook 250ml louwarm water en die opgelosde gis. Begin met 'n houtlepel meng.

Dit gaan moeilik, maar hou aan. Skielik het hy 'n deegmassa. Hou aan, en wanneer daar nie meer los meel is nie. Keer die deeg uit op 'n groot werkplek soos 'n kombuistafel.

Laat staan vir 4 minute. Maak 'n beker vol louwarm water. Begin nou die deeg met jou hande knie, en giet elke nou en dan water bietjies-bietjies by. Druk jou hande in meel, en bewerk die deeg asof jy klei maak. Gebruik die hiel van jou hand. Voel hoe die deeg vorm kry. Stadig begin dit glad word. Voeg dalk nog water by.

Draai om en om. Druk plat, stoot met die hand, vou en druk weer plat. Na sowat 15 minute begin dit 'n gladde bol maak, slap, maar elasties. Wanneer die deeg heeltemal glad is, maak 'n ovaalronde bol en sit dit in jou broodpan. Strooi meel oor, maak toe met twee vadoeke, sit in 'n koel plekkie neer, nie son of wind nie, en gaan swem.

Wanneer julle terug is, so drie uur later, het die brood gerys. As dit twee keer so groot is, kan dit oond toe. Skakel die oond op 220 grade celsuis, laat 15 minute warm word, en sit die brood in. Na 45 minute kyk jy na die brood. Is dit al bruin?

Tik met 'n houtlepel teen die broodpan. As dit hol klink, is jou brood reg.

Haal die brood uit die oond, laat effens afkoel en keer versigtig uit op 'n houtbord. Maak toe met 'n vadoek.

Of skaai vir jou 'n flentertjie warm korsie en plak dik botter op met appelkooskonfyt.

Daar's hy. Tuisgebakte brood.


VINTAGE COLLECTION · DOUGLAS GREEN VINTAGE COLLECTION · DOUGLAS GREEN

OESJAAR 1989 VINTAGE

## So Frans, hierdie kopie moet eintlik en français wees.

Wyndeskundiges stem in die algemeen saam dat die Sauvignon Blanc-druif kultivar een van Frankryk se voortreflikhede is.

Douglas Green slaag uitmuntend daarin om hierdie reputasie nog verder trefkrag te gee. Want al die elemente wat 'n Sauvignon Blanc een van die keurigste Franse wyne maak, kan in hierdie '89 weergawe aangetref word.

Die heerlike aroma van Franse eik is teenwoordig. (Nie verbasend nie, nadat die wyn drie maande in egte houtvate vertoef het, in plaas van in die meer gewone vlekvrye staalhouers.)

Dan is daar die tipiese grasserigheid van die droëland-wingerde van Durbanville - wat so goed herinner aan die Mediterreense klimaat.

Die '89 Sauvignon Blanc werk sagkens met mens se sisteem terwyl dit smaakgenot uit die hoogste kelderrakke bied. Dit het 'n alkoholvolume van 12,10%, 'n suurgehalte van 6,92 g/l, 'n pH van 3,29 en 'n natuurlike suikerinhoud van 3,29.

Die beoordelaars was eensgesind dat dit die Alphen Wyn van die Maand toekenning moes kry - as die beste S.A. houtbeleë Sauvignon Blanc.

Maar, genoeg gepraat. Nou word dit tyd vir joie de vivre.




Ons wyne sê dit al's.

VINTAGE COLLECTION · DOUGLAS GREEN VINTAGE COLLECTION · DOUGLAS GREEN
BERNSTEIN, LOXTON, GOLDING & KLEIN 5561


# Mahlathini in Dawson's

'n KONSERT om geld in te samel vir die Kangalene Skool in Alexandra word volgende Vrydagaand by die Dawson's Hotel, h/v President- en Von Brandisstraat, Johannesburg aangebied.

Dit begin 9nm. (Kom vroeg, daar is nie veel plek nie.)

Mahlathini and the Mahotella Queens, Noise Khanyile en Amakuku Akwazulu is die bands. Shifty se platejoggies sal goeie dansmusiek verskaf.

Toegang kos R10.

# Vriendskap

**Moenie vergeet van die SA Nasionale Galery se "Vriendskapsdag" Dinsdag nie. Die galery hou party ... bel Doreen de Waal by (021) 461-4695 vir meer inligting.**

# Blues herleef

DIE blues herleef saans van 9.30 in die nuwe 252 Tavern, h/v Nugget en Jeppestrate, Johannesburg. Die klub, wat drank en versnaperings saam met die blues sal bedien, open op 14 Desember. Die band Midnight Blue met Lindy Joffe en Sylvia Ebrahim, verskaf die vermaak.

# Groot prys vir miniatuur

Die SA kunstenaar Johann du Plessis het pas die tweede prys by die 5e Internasionale Miniatuur-uitstalling in Toronto, Kanada gewen. Hy was een van 3 000 gekeurde kunstenaars in nege kategorieë. Daar was 20 000 inskrywings. Sy tekening "After Velasquez" is gekies. Violet Temple van Kanada het die eerste prys ingepalm vir haar skildery "Poppy Lady".

# Neethlingshof en Hamilton Russell

**BJ LANKWARDEN skryf oor wyn**

**VANDEESWEEK gons dit van die nuwe wynuitreikings en gebeure.**

**In die eerste plek, geluk aan die Landgoed Neethlingshof met een van hul wyne wat verkies is tot een van vanjaar se Suid-Afrikaanse Kampioenwyne. 'n Tweede inskrywing van Neethlingshof is aangewys as Reserwe Kampioenwyn. Wil lyk of Hans Schreiber se belegging in mense begin vrugte afwerp. Wynmaker "Lollie" Lourens se 1990 Neethlingshof Ryn Rieslings Edel Laatoes het gewen en sy 1990 Sauvignon Blanc Edel Laatoes was tweede. Die Lourens en Günter Brozel-span moet moeilik wees om te klop en ons wens hulle almal 'n suksesvolle toekoms toe. Dié wyn word eers Maart aanstaande jaar gebottel.**

**Iemand wat altyd my aandag trek, is Tim Hamilton Russell van Hamilton Russell Wingerde op Hermanus. Behalwe dat hy dit nie meer so mag noem nie omdat die nuwe Wet op Drankprodukte van 1989 wat vanjaar in werking getree het die gebruik van die woord Wingerde op 'n etiket verbied. Blykbaar besef niemand wyn word van druiwe gemaak wat aan wingerdstokke groei in wingerde nie. Hopelik verval van dié beheermaatreëls ook eendag.**

**Hamilton Russell se variëteit-wyne: pinot noir, chardonnay en sauvignon blanc is omtrent die beste wat ons hier vervaardig. Die chardonnay is uitstekend en in groot aanvraag by restaurants. Die veroudering in nuwe hout voeg egter R6 by tot die prys wat chardonnay duur maak in restaurants.**

**Hamilton Russell beplan vanjaar die 1990 HR Chardonnay (wat reeds uit is) en 'n HR Chardonnay Reserwe wat aanstaande jaar uitkom. Die eerste is op 'n soortgelyke styl as die Chablis vervaardig, dis sonder nuwe hout. Net 50% van die wyn was in hout en dit was geen nuwe hout nie.**

**Uitmuntende wyn. Die alkohol teen 13% ook. Die wyn is perfek want dit gaan beter saam met vis as die ander wyn want daar is nie te veel tannien in nie. Die eikehout is egter duidelik teenwoordig en plaas dit in die styl van die Chablis Premier Cru. Die goeie nuus: dit sal R10 goedkoper wees as die ander wyn.**

# The only good rock is a hard one




YOU'VE heard of BC. Now there's BRC - Black Rock Coalition, an alliance of black American musicians who've ventured into the hard-rock domain traditionally occupied by WASPs*.

Self-appointed leaders of the BRC are a band called Living Colour, whose latest album, Time's Up, is available on import in South Africa. Living Colour got their breakthrough earlier this when they toured the United States as opening act for the Rolling Stones - but their sound has little in common with Mick Jagger. They sound more like a merger between Terence Trent D'Arby, The Pixies, Led Zeppelin and Van Halen.

Some of it's heavy metal rap ... hard rock freedom songs (we are all in the same revolution - you've got to know what you're fighting for) and the occasional jazz guitar.

Many of the tracks are just loud. They could have come from Rush or any of the other cock-rock bands which wear tight leather trousers and play in American stadiums.

But in between the banshee guitars are a couple of magical 'crossovers' - including a fine, fierce love song called Love Rears its Ugly Head. Soulful, searing, and many other adjectives which begin with s can be used to describe what singer Corey Glover and guitarist Vernon Reid achieve.

You may also enjoy Solace of You (UB40 meets the Bhundu Boys) and Under Cover of Darkness, which includes a rap from Queen Latifah and takes a biting look at the search for 'safe seduction'.

Peter Feldman won't like any of it, though, which probably means Time's Up will not be distributed locally. Not even by those who name themselves after elephant body parts - which means you have to pay close on R70 for a taste of some REAL crossover music.

## Other Imports

Also worth R70 (and probably not pressed locally, because they're good) are:

***Robert Cray Band - Midnight Stroll***

Best album ever from this blues-rock guitarist, who got a bit lost a couple of years ago but is back on the right path. There's at least one great blues guitar break on each of the 11 tracks (that's if you buy the CD - there are 10 if you buy the album). Some record bars now make you pay a deposit before you can listen to imports; if they do, ask them to play The Forecast (Calls for Pain), Bouncin' Back, or The Things You Do To Me.

***Larry McCray - Ambition***

The name is similar, and so is the sound. McCray sounds a bit rougher, but still great; songs worth the deposit include the title track and Country Girl, which make your average guitarist sound spastic.

***Neil Young & Crazy Horse - Ragged Glory***

This decrepit-looking old bastard has also rediscovered his sense of musical direction and come up with a loud, angry work of art. There's not one acoustic note on it; just bucketloads of fuzz and feedback, and some mammoth guitar work. Best taken with a bottle of Jack Daniels.

***John Hiatt- Stolen Moments***

A bit less decrepit-looking than Young, but still pretty dishevelled, John Hiatt's sound is accordingly a bit smoother, but still rock. The subject's the same as Young's - shitty life, shitty love affairs - and so is the method of dealing with it: rock your blues away.

***Footnote:***

WASP = White anglo-saxon protestant - a 'honkie', in other words.

*- CHRIS VICK*

## Krismisplate en kuns

VRYDAG! se redaksie moedig nie gewoonlik verbruikersgedrag by die lesers aan nie. Maar platemaatskappye en kunsgalerye het die uitreiking van hul "Kersfees"-tentoonstellings en -uitreikings aangekondig. Shifty Records se versameling Afrika-musiek is op die rakke: Salif Keita, Ray Lema en die boys sal ten minste 'n minder Eurosentriese stemming verskaf.

En dan vir dié wat hulle in Eurosentrisme wil verlustig, is daar die wellewende Jannie du Toit se nuwe langspeelplaat "Palet". Hy sing liedjies soos "Vrede vanaand", "Vlieg hoog", "Achter de horizon", "Draaiorreltjie" en Jacques Brel se "Madeleine". (Du Toit is die genooide gas by Des en Dawn se laaste soirée van die jaar. Sondagaand begin die verrigtinge om 7.45nm vir 8.15nm by St Patricklaan 49, Houghton. Kaartjies kos R20 en sluit wyn, koffie en beskuitjies in. Bespreek by Computicket of (011) 487-1800.)

Kunsobjekte deur veertig kunstenaars is by die Daljosafat Kunsstigting, Non Pareille, Daljosafat, Paarl te sien en te koop. Die opening is môre van 3nm af.

Die Gallery on the Market, Wolhuterstraat, Newtown, Johannesburg, bied 'n tentoonstelling miniature deur 28 kunstenaars aan. Dit begin ook môre.

Theresa Naudé se juweliersware en teelepels (by Yeoville se Bizarre Centre, Rockeystraat, te koop) is ideale geskenke.

Die Mark-Teater se vlooimark is elke Saterdagaand tot 10nm oop.

# Geestelike tog is nie ook 'n guilt trip nie



*Gary Farmer op sy 'pony'*

***POWWOW HIGHWAY***
***Met A Martinez, Gary Farmer, Titus Shoulder Blade, Marie Antoinette Rogers, Rogene Not Afraid, Graham Greene, Lafayette J Harris, John Trudell***
***Regie: Jonathan Wacks***

***ANDREA VINASSA***

DIE verknorsing van die inheemse "Rooi" Indiane van Amerika is 'n ou koei wat niemand uit die sloot wil haal nie. Hier is 'n huiwerige stap in die rigting van die sloot.

Die road movie-uitgangspunt is nie watwonders oorspronklik nie, maar dit is seker die punt. "Powwow Highway" buit bekende rolprentclichés en visuele grappe uit om sodoende sy emstige boodskap tuis te bring. Al is dit 'n komedie, is dit ook 'n boodskap-prent.

Twee inwoners van die Noord Cheyenne-reservaat in Montana, Buddy Red Bow (A Martinez), 'n charismatiese politieke aktivis, en Gary Farmer (Philbert Bono), 'n saggeaarde alleenloper, word deur omstandighede saamgegooi. Hulle pak 'n reis in Bono se verwoeste 1964-Buick van Lame Deer na Santa Fe aan.

Die prent is gegrond op 'n roman van David Seals. Dat Amerika se oorspronklike inwoners op reservate sit en wegkwyn, is nie juis ideale stof vir ontvlugtingslektuur nie, maar preke word vermy. Die humor word hoofsaaklik aangedryf deur die botsing van teenoorgesteldes: Red Bow is 'n aanvallige man wat glo Indiane sal net oorleef as hulle oorlog voer volgens die moderne wette van die Amerikaanse verbruikerskultuur, terwyl Bono teruggryp na die verlede. Syne is 'n geestelike tog deur die heilige plekke van sy voorvaders. Die reis wat hulle in Bono se "pony" onderneem, hou vir hom geestelike betekenis in, vir Red Bow is dit 'n politieke tog.

Dis veral interessant dat die regisseur 'n Suid-Afrikaner is. Jonathan Wacks was die vervaardiger van die kultusprent "Repo Man" (wat nooit hier vertoon is nie) en die regisseur van 'n dokumentêre prent oor die Suid-Afrikaanse politieke situasie. "Crossroads" het die Amerikaanse Student Academy Award gewen.

Vir 'n eerste poging is "Powwow Highway" glad nie sleg nie. Wacks se politieke en dokumentêre agtergrond kom hom goed te staan, maar meng nie in met sy vermoë om 'n storie te vertel nie.

Maar die storie is net 'n verskoning om by ernstiger sake uit te kom: die onteiening van die Amerikaanse inboorlinge. Nie dat die terneerdrukkende besonderhede op 'n mens afgedwing word nie. Red Bow en Bono se avontuurreis is gelukkig nie vir die gehoor 'n guilt trip nie. Wacks vermy emosionele manipulasie al is die onderwerp gelaai met sulke moontlikhede.



*Die Durbanse kuns-lektor en beeldhouer, Andries 'Boetie' Botha, is pas deur die 1820-Stigting aangewys as die Jong Kunstenaar van 1991. Botha is ook een van die wenners van die Johannesburgse Kunsmuseum se beeldhou-wedstryd (saam met Peter Schütz)*

**Arthur Miller, een van die voorste dramaturge van die 20ste eeu, kuier in Suid-Afrika. Eintlik is dit 'n werkbesoek om 'n lang gesprek met Nelson Mandela vir BBC-TV te verfilm. Cosaw het Woensdagaand 'n gespreksaand met Miller aangebied. Die digter Sipiwe Ngwenya, die dramaturg Gcina Mhlope, die akteur John Kani en die teaterkritikus Paul Boekkool het ook deelgeneem. ANDREA VINASSA was daar**

## *'As an artist you come naked to the page'*

# Miller die man in die maan




*Gcina Mhlope en Arthur Miller*

*Foto: John Hogg*

DIE man in die maan slaan toe die spyker op die kop. Wat ons land en situasie betref, sê Arthur Miller, is hy 'n vreemdeling, maar keer op keer het hy onbewustelik talle teenstrydighede en skynheilighede in ons kultuurlewe ontbloot.

"Ek het my nog nooit in só 'n samelewing bevind nie ... waar 'n mens kan woon sonder om te weet wat aangaan."

Dit het by my opgekom dat Nadine Gordimer, wat as voorsitter opgetree het, nie sou weet dat daar Afrikaners in SA gewoon het as iemand haar nie vertel het nie. Sy het die eerste drie deelnemers voorgestel en toe sy by Paul Boekkooi, 'n vooraanstaande Afrikaanse dramakritikus, kom, het sy nie geweet wat sy naam is nie.

Maar Gordimer se gebrek aan maniere kon nie die aand belemmer nie. Ook nie die gehoor se geklappery na elke vraag en antwoord asof hulle 'n televisie-sitcomgehoor was nie.

Miller is in Suid-Afrika bekend as die skrywer van "The Crucible" en "Death of a Salesman" en die man van Marilyn Monroe. Hy is in 1915 in New York gebore en het op universiteit besluit om 'n dramaturg te word omdat "teater die opwindendste kunsvorm was wat ons tot ons beskikking gehad het".

Weens die sterk "politieke" - hy noem dit "social issues" - grondslag van Miller se stukke, is hy vir Suid-Afrikaanse dramaturge van belang, maar die voorstanders van kultuur-as-wapen-van-die-stryd kon steeds nie vir Miller as maklike bondgenoot koöpteer nie. Die kultuurboikot het hy ook sonder om te wik of te weeg afgeskryf. In die vyftigs en sestigs kon hy die doel daarvan insien, want niemand het eintlik geweet van Suid-Arika nie, maar "ek is nie seker of dieselfde vraagstukke nou geld nie."

Niemand het John Kani in die rede geval toe hy uitgevaar het teen die "neerbuigende" kritici wat volgens hom protesteater (township-, workshop- en inheemse teater) deesdae heeltemal verontagsaam en dit "afgesaag" noem nie. (Het Kani vergeet hoeveel ondersteuning protesteater in die middel tagtigs van die kritici gekry het en dat van die kritici nie kritiek lewer teen protesteater as sulks nie, maar teen die eentonigheid daarvan?)

Van Miller se werk is ook deur die kritici vyandig bejeën: spesifiek "All My Sons" en "The Crucible": eersgenoemde is tydens die Tweede Wêreldoorlog geskryf en was 'n aanklag teen die winsmotiewe van die leiers wat Amerika

## *'History departs from history. History is a fiction. It is the idea of the person writing the history'*

by die oorlog betrek het. "The Crucible" is in die vyftigs geskryf as 'n metafoor vir die heksejag op veral kunstenaars wat deur die regering as kommuniste gebrandmerk is.

"Jy loop jou noodwendig daarin vas. Hoe nader aan die been, hoe meer teenstand kry jy, maar dit is geen versekering dat die werk enigsins goed is nie."

Die vreemde onderskeid wat in Suid-Afrika tussen die "politieke" en die "persoonlike" getref word, is só deur Miller gehanteer: "Die mens is soos 'n vis. Die vis is in die water en die water is in die vis. Dit is nie 'n estetiese probleem nie, maar 'n probleem met die beoordeling van die werklikheid (the judgment of reality). Ek sou dit nie as 'n konflik tussen twee dinge sien nie.

"Vir mense wat nie skrywers is nie, is daar 'n maklike manier om een te word. Hulle kan 'n verdoeselde diagram van hul politieke oortuiging skryf.

"Elke stuk wat ek nog geskryf het, bevat 'n verskriklike geheim van my. Hoe meer jy jou aan gevaar blootstel, hoe nader is jy aan 'n werk met sosiale betekenis."

Kani het genoem dat dramaturge sukkel om 'n nuwe stem te vind in 'n veranderende Suid-Afrika wat vir hom al te veel na die oue voorkom. Miller se mening was dat die antwoord nie lê in bloot om oor die gebeurtenisse van die dag te skryf nie. In sy ervaring is dit wyser om stroom-op te skryf soos hy met "All My Sons" gemaak het. Toe almal die fascisme wou beveg, het hy hulle gekritiseer dat die oorlog net 'n verskoning was om hulle sakke vol te prop.

"Ons is almal onderworpe aan die clichés van die politiek. As die regering sê dis reg moet dit verkeerd wees." En omgekeerd. Dit is 'n hopelose stryd om te probeer om een of ander program na te volg, meen hy.

Miller vertel die verhaal van die Franse rolprentweergawe van "The Crucible" waarvan die draaiboek deur Jean-Paul Sartre - "tydens een van sy Marxistiese periodes" - geskryf is. In die prent is omtrent net die armoedige kleinboere opgehang. Die ryk kleinboere was boosaardig.

Hy het die stuk probeer verdraai om sy oortuiginge te staaf. Inderwaarheid was dit die rykes wat die spit afgebyt het. Sartre het ook die fout gemaak om die kruisbeeld op een van die mure toe te laat, terwyl die mense protestante was. "Maar Sartre was Frans."

Kan 'n dramaturg nog 'n profeet wees? wou Paul Boekkooi weet.

"Profesie lê in dramatiese werk. Ons was die primêre kunsvorm. Ons is dit nie meer nie. Die teater vul nou rolprente en televisie aan. Dit is rolprente wat die massas nou trek. Amerikaanse en Europese rolprente hanteer die belangrike temas. Die teater het sy rug gedraai op sosiale temas. Dit het baie privaat geword. Rolprente is dikwels subtieler en mik hoër. Maar (die voortbestaan van die teater) hang van ons af. Jy is die kaptein van jou eie skip. Dit was nog altyd moeilik om 'n goeie 'job' te doen."

Talent, passie, harde werk - baie van Miller se stukke broei meer as 'n dekade lank voor hy hulle skryf - en die bestaan van gemeenskaplike ervarings wat die wêreld saambind, bly vir Miller die belangrikste faktore by die vervaardiging van dramas.

# Strauss die ene 'skaamhare'



*Een van Marie Strauss se wulpse, weerlose vroue. Sy woon in die skildery 'Paisley-muurpaper met varke'*

**Marie Strauss - Parys. Gelukkige naarheid wat sy is. Gekeur, gekies en woeps, waps, daar is sy in die Internasionale Cite des Artes. HAZEL WOODWARD het 'n bietjie gaan inloer voor sy weg is**

HAAR huis is propvol kuns: Isolde Krams se kas (die een met die moeë vroue bo) 'n Simon Stone met hande, Braam Kruger se heeltemal onbeteuelde aandete, 'n houtsnee van Elza Botha, drie Goedhals-werke - wat sy twee dae voor sy selfmoord by hom gaan koop het. (Sy't NATUURLIK vir hom gesê hy moet homself regruk, hy is heeltemal te morbied, kyk hoe ruïneer hy homself en hy het ewe natuurlik teruggekap met "Jy klink nes my ma, en anyway, jou goed is gans te pretty!")

Haar eie skilderye is, ongelukkig, mooi. Tog kry sy dit reg om nie sentimenteel te word nie. Soos ou mnr Cassirer vir haar sê: "You're are not kind to your nudes." Hulle't sulke weerlose armpies, sulke wulpse monde - haar man het eenkeer onwillekeurig opgemerk: Jislaaik, Marie, hierdie painting is net die ene koekhare!"

Vir my is die geslaagste aspek van haar die vryheid wat deurbars. Sy voel vry om weergewende kuns te maak, van haar tollende teekoppies destyds tot vandag se engele. Edward Lucie-Smith skryf dat 'n definisie van kuns benader kan word deur die verwantskappe tussen dit wat ons kuns noem en dit wat tot nie-kuns gerelegeer word. Grense tussen die twee is vaag en onbepaald.

Van die belange van visuele kuns is (was?) kleur, lyn, komposisie, styl. Die klomp formele elemente is verpletter deur die toenemende belangrikheid van die konsep. Met neo-ekspressionisme begin hierdie outjies weer hulle koppies uitsteek. En wat ons hier in Marie het, dames en here, is 'n flagrante neo-ekspressionis!

Lekker om weer oor die rol van kleur te gesels! Maar hoe relevant is dit eintlik? Is dit kuns of kitsch? Lawrence Greenberg (Artforum et al) HAAT neo-ekspressionisme met 'n passie. (Iemand wat Minimalisme so hewig ondersteun MOET so 'n swierige, wellustige beweging haat). Hy hanna-hanna oor hoe kunstenaars soos hulle kinders probeer verf en dit nie regkry nie - hoe nabootserig en steriel dit alles is.

Sy emosies hinder sy vermoë om te dink. Neo-ekspressionisme is maar die logiese stap verder in die rigting van die oude meesters van hierdie eeu: Kandinsky, Klee, Emile Nolde - selfs Picasso - afsonderlike stukke anyway - en Marc Chagall. Dit is mos Picasso wat gesê het dit het hom sy hele lewe lank gevat om te leer hoe om soos 'n kind te verf.

Afrikaner-slanery steek weer sy lelike kop uit: die politiek is 'n inherente deel van kuns. "Until then when you nurture his ego, offer your body, wash his socks, raise his children you are being a political activist too." Aspen in die gedig "For my apolitical sisters", Women's Press. Net as een bewys daarvan dat mens deesdae nie die politiek kan vermy nie. Nogal jammer.

"Die patriarg, die boere-sport, maar met 'n sagte, spottende hand. (In elk geval dis glad nie so onsmaaklik as dit 'n Papendorf of 'n Strauss is wat self-spottend is - irriteer my net as dit in oorsese blaaie is met hulle siening van 'n boer met 'n sweep in sy hand.) Sy's g'n George Grosz nie. Gentle.

